

# T.N&A

Redaksioneel

**Phil van Schalkwyk**

1

Afrikaans en 17de-eeuse briewe uit die see  
**C. Jac Conradie**

3

Die ontwikkeling van en die verbande tussen die  
Nederlandstalige en die Afrikaanse letterkunde  
(deel 2)

**H.P. van Coller**

23

De verspreiding van François Valentyns *Oud  
en Nieuw Oost-Indiën* in de achttiende en de  
negentiende eeuw

**Siegfried Huigen**

43

Het 'Vlaams', een taal of een misverstand?  
**Jacques Van Keymeulen**

64

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS 22STE JAARGANG NR. 1 2015

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

# T.N&A

**Omslag:** Ontwerp deur Christa van Zyl, gebaseer op  
'Het Nachtkafee', deur Vincent van Gogh

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS  
22STE JAARGANG NR. 1 2015

# T.N&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

22STE JAARGANG (2015) 1STE UITGAWE

T.N&A is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, met finansiële steun van die Nederlandse Taalunie. T.N&A wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

**Alhoewel die redaksie kopiëregkwessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).**

**Redaksie:** Prof. P.L. van Schalkwyk

**Uitleg:** Christa van Zyl

**Gedruk en gebind deur:** V&R Drukkery, Pretoria, Tel: +27 (0)12 333 2462

**Redaksie-sekretariaat:** Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520, Suid-Afrika. **Tel.:** +27 (0)18 299 1492; **e-pos:** Phil.VanSchalkwyk@nwu.ac.za

### Inskrywings en betalings:

Die ledegeld bedra:

- R150 per jaar vir binnelandse lede; en
- R200 per jaar vir buitelandse lede

Betaal u ledegeld **elektronies** in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:  
Banknaam: ABSA  
Bankrekeningnommer: 1190 154 676  
Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid  
Takkode: 632005 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)  
Verwysingsnommer: U van en voorletters (baie belangrik)
- E-pos of pos daarna die bewys van u betaling *saam met* die vorm van lidmaatskap aan die SAVN se penningmeester, dr. Terrence Carney, by die onderstaande adres: E-posadres: carnetr@unisa.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com Posadres: Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, UNISA, 0003, Pretoria

Of betaal u ledegeld oor die pos:

- Maak 'n tjek of posorder uit aan Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek.
- Pos die tjek of posorder *saam met* die vorm van lidmaatskap aan die SAVN se penningmeester, dr. Terrence Carney, by die onderstaande adres:  
Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, UNISA, Posbus 392, 0003, Pretoria

### Redaksieraad:

W.A.M. Carstens (Noordwes-Universiteit)

J. Dewulf (University of California)

M.E. Meijer Drees (Universiteit Utrecht)

H.J.G. du Plooy (Noordwes-Universiteit)

H. Ester (Radboud Universiteit Nijmegen)

E. Jansen (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam)

R.S. Kirsner (University of California)

J. Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

O.J. Praamstra (Universiteit Leiden)

P. Swanepoel (Universiteit van Suid-Afrika)

Y. T'Sjoen (Universiteit Gent)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat)

J. van der Elst (Noordwes-Universiteit)

A.T. Zuiderent (Vrije Universiteit Amsterdam)

## Redaksioneel

Phil van Schalkwyk

Hierdie nommer van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, soos die vorige een, word ten dele gewy aan artikels gebaseer op referate wat by die Agtste Internasionale Kongres van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, Julie 2014, gelewer is. Die kongrestema was *Nederlands (die Nederlandse taal- en letterkunde) in gesprek met...* Daar is ook bestek geneem van die Suider-Afrikaanse Neerlandistiek.

Jac Conradie se artikel sluit aan by die bydrae van Marijke van der Wal oor die *Brieven als Buit*-projek wat in die vorige nommer verskyn het. Vir sy ondersoek het Conradie honderd briewe uit die *Brieven als Buit*-korpus as steekproef gebruik om vas te stel wat die waarde van die materiaal vir 'n ondersoek oor die ontwikkeling van Afrikaans ten opsigte van taalverandering en meer spesifiek defleksie is.

Deel 1 van H.P. van Coller se bydrae oor die ontwikkeling van die verbande tussen die Nederlandstalige en die Afrikaanse letterkunde het in die vorige nommer verskyn. In die vervolg daarop, deel 2, word die diachroniese en vergelykende ondersoek na die vyf fases in die ontwikkeling van die Nederlandse en Afrikaanse literêre sisteme voortgesit, met klem op invloed en verwantskap vanaf Tagtig. 'n Tipologie van beïnvloeding, wat hom leen tot sinchroniese beskrywing, word voorgestel.

Siegfried Huigen fokus in sy artikel op *Oud en Nieuw Oost-Indiën* van François Valentyn (1724-1726) wat steeds, meer as 'n eeu na verskyning, dien as naslaanwerk vir betroubare inligting oor gebiede in Asië. Huigen gaan na hoe Valentyn se werk in die agttiende en negentiende eeu gesirkuleer het en op watter manier die kennis wat dit bevat ook via die werk van ander versprei is.

Jacques Van Keymeulen verskaf in sy artikel 'n kort geskiedenis van Nederlands in België met spesifieke aandag aan die taalideologiese konteks waarbinne die misverstand dat Vlaams 'n aparte taal sou wees, ontstaan en oor die wêreld, insluitend Suid-Afrika, versprei het.

Hartlike dank aan die binne- en buitelandse keurders en aan Christa van Zyl vir die grafiese ontwerp.

Noordwes-Universiteit



# Afrikaans en 17de-eeuse briewe uit die see<sup>1</sup>

C. Jac Conradie

## *Afrikaans and 17th century letters from the sea*

*Letters seized from Dutch ships during 17th century wars between England and Holland form an important source of information about Dutch as used by the common people. The purpose of this paper is to determine to what extent this variety of Dutch may cast light on the earliest stages of Afrikaans, and even the process of deflection as such. A hundred private letters from the corpus Letters as Loot (Brieven als Buit), compiled by researchers from the University of Leiden in collaboration with the Institute for Dutch Lexicology, have been analysed to this end. A number of phonological phenomena also occurring in Afrikaans are pointed out, in particular the apocope of [t] and the occurrence of non-final [sk]. The form “die” as definite article, “het” as auxiliary verb and diminutives ending in [i] are discussed, as well as negation and the form of the reflexive pronoun. In the nominal system, the use of the pre-genitive is looked at, and in the verbal system the form of infinitives and subject-verb agreement. It is hypothesized that the distance between subject and finite verb in SXV constructions may contribute to deflection.*

## 1. Inleiding

Om die genealogiese wortels van Afrikaans te leer ken, was dit nog altyd belangrik om meer te wete te kom van die taalgebruik van *alledaagse* sprekers van Nederlands, veral uit die 17de eeu – ’n vorm van Nederlands waaroor daar tot onlangs betreklik min bekend was. ’n Groot verruiming van ons kennis het ons egter uit ’n onverwagte bron te beurt geval: ’n ou gebruik om vyandelike skepe te kaap en hulle inhoud buit te maak.

Kaapvaart, of om uit te vaar met die doel om te buit, was in Nederland en Engeland tydens oorloë ’n veroorloofde bedryf wat met staatstoestemming onderneem is, en dus nie gewone seerowery nie (Nobels, 2013: 17). Ongeveer 38000 17de-, 18de- en vroeg 19de-eeuse Nederlandse private en sakebriewe het op dié manier in die National Archives in Kew, Londen, beland, die sogenaamde *Sailing Letters*. Hiervan is byna 16000 private briewe deur mans en vroue uit verskillende lae van die samelewing en met verskillende beroepe (Nobels, 2013: 15). Hierdie skat aan historiese en taalmateriaal is in 1980 as ’t ware herontdek, en kon sedertdien ontgin en vir historiese en taalhistoriese navorsing beskikbaar gestel word in projekte soos *Brieven als Buit* van die Universiteit van Leiden en *Gekaapte Brieven* van die Meertens-Instituut in Amsterdam.

Die waarde van die korpus is onder andere daarin geleë dat dit die taalgebruik

van mans en vroue van die laer en middelklasse weerspieël terwyl tot dusver veral materiaal afkomstig van mans uit die hoër klasse beskikbaar was vir taalkundige ontleding (Nobels, 2013: 265). Studies wat al oor hierdie materiaal gedoen is, byvoorbeeld proefskrifte deur Nobels (2013) en Simons (2013), ressorteer onder die betreklik jong dissipline van *historiese sosiolinguistiek*, en wil veral fokus op “the language of the majority of the population, members of the lower ranks of society, instead of on the language use of a small group of high-ranked, well-educated and practised writers” (Nobels, 2013: 5).

Dit is juis die algemene Nederlandse omgangstaal wat vir ’n historiese studie van Afrikaans van belang is. Dat Afrikaans beter aansluit by invloede ‘van onder’ as ‘van bo’, blyk onder meer daaruit dat, soos Nobels (2013: 265) kon vasstel, variante soos *elkander/elkaar* en *zich* ‘van bo’ (skrywers, amptenare) ingevoer is, maar nie in Afrikaans staanplek gekry het nie. Wat uit Nederlandse oogpunt ‘van onder’ is, sluit regstreeks by die Afrikaanse taalgeskiedenis aan omdat dit in elk geval gebaseer is op al die beskikbare oorgelewerde geskrifte van ‘gewone mense’, die vroeë Nederlandse samelewing aan die Kaap hoofsaaklik uit een groep ‘gewone mense’ bestaan het en taalstandaardisering plaaslik eers veel later ’n rol begin speel het.

Die vraag wat hier gestel word, is in hoeverre sekere kenmerke van hierdie algemene Nederlandse omgangstaal, en veral kenmerke daarvan wat nie met Standaardnederlands ooreenstem nie, ooreenstemming vertoon met Kaaps-Nederlands of vroeë Afrikaans – waaronder enige variëteit van Afrikaans ingesluit moet word. Daar moet uiteraard rekening gehou word met die belangrike rol wat taalkontak (vgl. onder meer Deumert, 2004: 21 e.v. en Van der Wouden, 2012) in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, waarby hier nie stilgestaan sal word nie, maar dit is tog moontlik dat ooreenkomste dwarsdeur hierdie ‘filter’ waargeneem kan word. ’n Verdere vraag wat hieronder aan die orde gestel word, is of die briewe nie selfs ’n bydrae kan lewer tot ons begrip van taalverandering, en meer bepaald defleksie, nie.

In hierdie loodsondersoek word gebruik gemaak van die *Brieven als Buit-*korpus (<http://brievenalsbuit.inl.nl>), wat ontwikkel is onder leiding van die taalhistorikus Marijke van der Wal van die Universiteit van Leiden, met die medewerking van ’n groot aantal vrijwilligers wat tot op datum meer as 1000 briewe getranskribeer en verdere inligting daaromtrent ingewin het, en die Instituut voor Nederlandse Lexicologie, wat elke woord van ’n moderne Nederlandse basisvorm voorsien en ’n soekprogram vir die hele korpus ontwikkel het.

In die *Brieven als Buit*-projek is hierdie briewe ontsluit vir navorsing: gefotografeer, getranskribeer, van basisvorme in moderne Nederlands voorsien, van agtergrondgegewens (byvoorbeeld name van skrywer en ontvanger,

herkoms van skrywer, waar hulle hulle bevind, hulle moontlike stand in die samelewing, ens.). Navorsers kon ook in die meeste gevalle vasstel of briewe *outograaf* is, dit wil sê deur die ondertekenaar self geskryf is, of deur iemand anders, soms 'n geroetineerde briefskrywer wat van 'n ander plek as die ondertekenaar afkomstig is. Hierdie gegewens stel ondersoekers in staat om die taalgebruik in stede soos Amsterdam of Rotterdam, of in provinsies soos Noord-Holland, Suid-Holland of Zeeland, en selfs die taalgebruik van persone uit verskillende stande te vergelyk. Ofskoon dit interessant sou wees om te wete te kom by watter variëteit(e) Afrikaans die beste aansluit, word dit nie in hierdie ondersoek onderneem nie.

Vir hierdie ondersoek het ek die eerste honderd private briewe uit die 17de eeu wat die soekprogram opgelewer het as steekproef gebruik om vas te stel wat die waarde van die materiaal vir 'n ondersoek oor die ontwikkeling van Afrikaans is. Al het ons hier glad nie met 'n goue sleutel tot die ontstaan van Afrikaans te make nie (dit verskaf hoogstens 'n beter venster op die alledaagse taalgebruik van die 17de eeu en later), is daar tog in hierdie hoogs variabele en grotendeels ongestandaardiseerde taal heelwat wat direk by Afrikaans – en nie net Standaardafrikaans nie – aansluit, soos vervolgens sal blyk. En dat hierdie Nederlands konkreet iets met Kaaps-Nederlands te make het, blyk uit 'n ma se dankbaarheid dat haar seun ... “behouden *Aen die kap* gekomen ben daer om iou wat te veruers schen (verversen)” (73,<sup>2</sup> 1672).

Dat dit hier om persoonlike en veral familiebriewe gaan, blyk inhoudelik onder meer uit houdings ten opsigte van die kapery: *dat gelt dat ghij mijn gestuert heb met het schijp de mejboom is god beetert (godbetert) in engelandt soo dat wij het altemael quijt ben nen* (51); religieus getinte uitings wat van besorgdheid spreek: *de heere beware u Alle beijde voor quadt weer of quade mensche of en nich (enig) quaedt gedierdt* (73), *soo een bedroefde tijt dat een Cristenmensche sijn herte wee doet van al het verdriet datmen hoort* (91), *tot dat gij uwe reijze in de woeste zee dezis werelts zult voleyndigt hebben* (82); 'n wenk oor hofmakery: *ick maritet (Maritje) barendts ul suster laet ul mijn bemijnde broder weeten aels dat lijesabedt hendericks met een aender vrijer loopdt ghij hof haer geen breven meer te stuer* (94), met 'n verwysing na die skryfproses; en 'n regstreekse opmerking van Magdaleentje Jans teenoor haar man: *dat Jek seer ver worde (verwonderd?) ben dat ghij mijn soe een misse licke brief schrijft* (70).

Die briewe bevat baie wisselvorme, deels omdat die standaardisering van Nederlands nog op verre na nie afgehandel was nie en deels vanweë die lae geletterdheidsvlak van baie skrywers. Al kan die Nederlands van die briewe hoegenaamd nie as 'n regstreekse voorganger van Afrikaans beskou word nie, is daar tog talle wisselvorme wat deurgedring het tot Afrikaans en sy variëteite.

'n Voorbeeld is die brief wat Elsje Wijbrants in 1664 aan haar man, luitenant Jan Willemse, gerig het. Die adres lui soos volg:



desen bryef  
 aen den eersammen  
 man ijan wijllemse  
 luijtenant op het schep  
 de spiegel daer op komder  
 menheer menheer fjes  
 amarael de ruijter

Hier volg enkele uittreksels uit haar brief ter illustrasie:

Loft godt altyt waer dat geij sijt anno 1664  
 den 11 nofember as Godt met ons is wije kan tegen  
 ons *as vir als; [i] as ije gespel*

mijn bemijnde man ijan wijllemse ijck laet u l weeten  
 dat ijck godt lof en danck noch gesont ben en verhop en dat  
 met v e mijn alderleijfste oock soo is en ijck hoep dat dije *lw. die*  
 goede godt v e sal gesontheit verlen op dat wij tot godts *verlen vir inf. verlenen*  
 eer weer bij melkandere komen om hem te loven en te danken *sonder slot-n*  
 en al de frijende sijn aen weer sijde noch gesont en doen v e  
hartlijck groete en venssen v e mijn bemijnde in godts bewarenge *hartlijck vir hartelijck*  
 maer onse ijanken is weer bee haer man pijter verslaers  
 is doot met sijn 4 kijnderen en heb altemael sijeck gewest *heb vir hebben (of sijn)*  
 behalf onse wijbrant en sijn godt lof en danck nv gesont .....

... en wij moeten van dije goede godt *lw. die*  
 de seegen verwachten heij kan geven daer niet en is ijck  
 hop de heer sal v e geleijde des dachs ijn een wolke kalom *geleijde vir inf. geleijden*  
 ende des nachts in een fijerge kalom en geleijde v e met het  
 komfoej van sijn heijlge engelen hijer is nu onse domne *domne vir dominee*  
 trijchtlandes oover lede en heijdaens leijt doot kranck  
 en waer wij sijn wij sijn in godts hant het is reijck of aerm of  
 on[...]de of onedel of koenge of grafen gelijk de graef in frijslant  
 ijs oock over lede heij heeft en pestol of wijl schette en het *wijl vir inf. willen*  
 vergde en het schoet te rchet en het rackten hem in sijn  
 hals soo dat heij daer is van gesturven ....

... en groet onse kernels  
 en al frijnde en bekende *vir: vrienden en bekenden*  
 en menheer de ruijter sijn swager *Afr. mnr De Ruiter se swaer E.*

eerfert oom sal [...] troffen  
 den 16 nofember en sijn huijs frou  
 en kijnderen sijn noch al gesont  
 en sijen hijer nev tot amsterdam  
 en meenheers dochter met de kijnderen  
 sijn noch al weer gesont hebben seijck  
 gewest aen de pockijes maer sij sprijngen  
nu al weer het sijn sulke leijfve kijnderes  
 sechet haer grotte vader genacht met de  
 met oommen

Afr. hulle spring nou al weer  
 kinders i.p.v. kinderen

Waar die vyftigjarige Elsje Wijbrants van Amsterdam haar brief aan haar man, soos gebruikelik is, met 'n wens of spreuk begin, *as Godt met ons is wij kan tegen ons*, val die assimilatievorm *as* op. *Wij* vir 'wie' is 'n aanduiding dat sy *ije* vir [i] gebruik; waar sy twee maal in die brief *dije goede godt* (ook *dije grote vader*, maar dan ook *de goede godt*) skryf, sien ons dat die lidwoord *die* in plaas van *de* is. (Elders skryf sy wel *de*.) Infinitiewe kom in verkorte vorm voor, byvoorbeeld in *ijck hoep dat dije goede godt v e* ('u edele') *sal gesontheijt verlen* (in plaas van *verlenen*) en in *heij heeft en pestol of wijl schette* (af willen schieten) ('hy wou 'n pistool afvuur'). By *melkandere* 'mekaar', asook *frijende* 'vriende' en *geleijde* 'gelei', ontbreek die slot-*n* in 'n onbeklemtoonde slotsillabe. Naas (meermale) *kijnderen* staan daar aan die einde *kijnderes*, en naas *menheers dochter* met 'n -s-genitief die spreektaalgenitief *menheer de ruijter sijn swager* 'mnr. De Ruiter se swaer'. Van die kinders word gesê hulle *hebben seijck gewest aen de pockijes maer sij sprijngen nu al weer*, met *hebben* in plaas van *sijn* as hulpwerkwoord by *geweest*, en in *springen* 'n aanduiding van die moontlike oorsprong van *springlewendig*.

## 2. Woorde en uitdrukings

Talle woorde en uitdrukings is ook, of herinner sterk, aan tipies Afrikaanse woorde en uitdrukings, byvoorbeeld: *gesontheijt ... noch redelijck; hoenders*; een *vrou menschen* (18); *pampier* (21); *inluijs* (22); *indde plat lande* ('in die platteland')(31); *lamoensop* (Ndl. limoensap, Afr. suurlemoensap)(47); *ons soete kijnt* (59); en (sy lewe in Suriname is) *seer slecht en miserabel* (69).

Uitdrukings soos die volgende – party van hulle moontlik reeds in 17de-eeuse Nederlands argaïes – het vir die Afrikaanssprekende 'n bekende klank:

*met sack en pack* (6); *sodra de gelegentheijt van weer ende wint* presenteert (15); *tegens haer wil en danck* (21); *ter nauwer nood* ontkomen (38); *hoe gij de gene ten dienste* moet staen (54); *ten allen tijden* (64); *waer wij godt nijet ten volle van kennen daneken* ('kan dank')(68); *maer Jck verstaen dat ul heel doot*

*kranck* geweest ben (73); tot mijn Groot leet wesen (76); van ganscher herten (91); en hope bij *tijt* en *wijlen* het geeijschte wel te bestellen (99).

Ek gaan vervolgens in op 'n aantal klank-, morfologiese en sintaktiese verskynsels.

### 3. Klankverskynsels

Die apokopee of verlies van slot-[t] na 'n *stemlose* konsonant aan die einde van 'n woord (bv. *kist* > *kis*) of van 'n stam binne 'n kompositum (bv. *hoofdpijn* > *hoofpyn*), en by reëlmatig geworde werkwoorde na 'n *stemhebbende* klank (bv. *gekamd* > *gekam*) is algemeen in alle variëteite van Afrikaans. Die voorkoms van slot-[t]-verlies in iemand se gesproke taal is in vroeër Afrikaanse tekste gerugsteun deur die aanwesigheid van 'n hiperkorrekte *t*. 'n Slot-*t*, of slot-*d* wat [t] voorstel, ontbreek in 14 van die ondersoekte briewe:

*gashijus*; *bedroef* (9); godt sij *geloof* (11); goeden *nach* (12); *gelijck ghi schrijff*; meermale *heb* vir *hebt* (ook met derdepersoonsonderwerp) (60); *bedrouf* (naas *bedrouft*) (65); en goede *toch*; goeden *nach* (73); godt sij *gedanck* ver sijne genade (94)

Verlies na *stemhebbende* konsonante by werkwoorde, soos algemeen in Afrikaans, kom voor in *wort daer mede gereken* (4); *gepresenteer* (48); *alst een Christen betam* (maar verderaan: *ende het betaemt ons*) (54); asook – kenmerkend van sekere variëteite van Afrikaans – by ander woordsoorte: *ontren* (meermale); *duijsen*; *asesten* (assistent) (38); *vrienschap* (43); *honder* (48); *vijuf dijusen*; *vijuf honder pont sucker* (59); *boshar* (Boshart: eienaam) (80) en *gesonhijdt* (3 keer) (83).

'n (Meestal hiperkorrek) ingevoegde *t* – ook na 'n *stemhebbende* konsonant – kom in nege briewe voor:

*nocht*; een *stukt* broot; boost (34); *loft* (lof); dat godt de heer ons soo *lieft* sal hebben; *salight*; de *spraect*; daerom *scrijft* ick niet (53); dat ick ... *suelcke treckt* (trek) tot u hebbe, *oockt* (ook), *hier mede breekt* ick of (58); *twelcke wij blijdt* (blij) om benne (60); *gelegentheijt* (61); *gaelegentheijt* (66); *wel bemende lief* (meermale) (78); *ul skreijvent* (schrijven – s.nw.) (80); *met een schipt*; *meegift*; *genadicht* (97)

Ook die verlies van [t] vóór [s] (in minstens 19 briewe) val op, vgl. meermale *plaas/plase(n)* 'plek(-ke)' en *laeste/leste* (laatste), asook in (29) *des nags* (des nachts, 'snags').

Nog 'n konsonantverskynsel wat relevant is vir Afrikaans met aanvangs-[sk] in plaas van die algemeen Nederlandse [sx], is die voorkoms van aanvang-*sc/sk* in 'n agttal briewe. Rutten en Van der Wal (2011: 258) is van mening dat die nie-finale *sc*-spelling in briewe uit Noord-Holland die [sk]-uitspraak voorstel wat algemeen in Noord-Holland en slegs daar voorkom.

*scrift* (53); *scijp* (66); *scrieft* (73); *scip*; *geskreuen*; *ul skreijwent* (schrijven – s.nw.) (80); *skult*; *skreijft*; *gescareven* (geschreven); *scaijep* (schip) (83); *min scrivens*; *scolgeldt*; *sculdt* (2x); *scrijven* (2x); *scrinwerken*; *scoedt* (schout) naas *schiper* (86); *gescreuen*; *scijp*; *bescerminge des heeren* (87); *gescreven*; *saint* (schijnt); *scriven* (92)

Die helfte van bogenoemde skrywers met aanvangs-*sc/sk* is uit Noord-Holland afkomstig, twee uit Suid-Holland en twee uit Zeeland.

Die volgende klankverskynsels hou ook direk of indirek verband met Afrikaans:

- Eindverskerping: *jonck* (7); *met een lanck leven*; *soo ginck* (2x) *ick daer toe* (52); *een lanck leue* (62); *koninck* (88); *ick seerverlanck* (vgl. Afr. *lank*, *jonk*, *koninkie*) (97)
- [ø:]<sup>3</sup> naas [o:]: *deur* *dien dat sij* (45); *muelen* steenen ('meulstene') (45)
- *f* vir *v* (aanduiding van stemlose uitspraak): *ontfangen* in talle briewe; *frijndelicke* (12); *strefende* (48); *benefens* (67); *nofember*; *frijende*; *komfoeij*; *frou*; *huijs frou* (72); *husfrou*; *frieden* (vrienden) (92)
- Intervokaliese [d] as [v], veral by die ww. (*be*-)houden: *houwen* (15); *behouwen* (42); *houwen* (49); *houue*, *hooue*, *een be houuen raijs* (70); *behouwen reijse* (80); *behouwe* (2x) (88)
- Intervokaliese [d]-verlies: *vol laen* (volladen) (45)
- Intervokaliese [v] as [w]: *lieue* (13); *nowember*; *geskreuen*; *ul skreijwent*; *goet gewe* (God geve – konj.); *3 briwen*; *2 briwe*; *brijwe*; *liwe*; *briwe*; *gesturwen* (3 keer); *vorlowet* (80)
- Ontronding (veral *vier*- en *-stier*-): *sijnigh* (27); *viereglijck* (29); *gestiert*; *stierman* (41); *bestierde* (43); *opgestiert*, *stierman* (49); *dese vierijge* (vurige) *sieckte* (50)
- [p] as oorgangsklank: *verneempt*, *neempt* (18); *genaempt* (84) (vgl. Ndl. *hemd* > Afr. *hemp*: [hɛmt > hɛmpt > hemp])
- Reduksie (onder meer [i] > [ə] > ø): *cappeteijn*, *offesiers* (15); *kapteyn* (2 keer) (44); *Kapeteijn* (46); *capetijn* naas *capijteijn* (49); *cappeteijn* (50); *capteijn* (61); *kappeteijn* (68); *domne* (dominee) (72); *captijen* (83); *Capteyn* (91) – asook in *hartlijck* *groete* (72); *ma* (maar) (87); *godt sij gedanck ver*<sup>4</sup> *sijne genade* (94)
- [l]-sinkopee: *as Godt met ons is* (72); *socken* (sulke) *droeuchen weer* (73)
- Metatesis: *feberwarij* (24)

## 4. Wisseling in stamme en affikse

### 4.1. Bepaalde lidwoord *die*

Die Middelnederlandse bepaalde lidwoord *die* word in latere Nederlands gereduseer tot *de*,<sup>5</sup> maar bly in Afrikaans *die* (vgl. Scholtz, 1963: 125-126). In 'n aantal briewe verskyn [di] as *die* of *dije* in kontekste waar dit nie die aanwysende vnw. *die*, steeds

gebruiklik in Nederlands, kan wees nie.

*vandie* hoope (6); *dije* heer **die** ruijter; op het schip [sic] **dije** spiegel (12); om dat onsen godt hem over **die** quaetdoenders seer vertoorn (54); als **die** groote godt belieft (69); **die** kamer van hoeren (Hoorn); vant schiep **die** vlieg van batau (de Vlieg van Batau); jn **die** plaes dat; **die** doot; alle **die** vrinde (70); **dije** goede godt (2 keer) (72); het schiep **die** gerechtigheid; God **die** heere (3 keer); Jan gounaer (Gounaer) **die** spelde maker; op **die** hoo stradt; **die** hulpe van God; **die** honger; **die** heere; **die** rechte wareidt (73); **dije** burgers; **dije** soldaten; Jn **dije** bewaringe des heren (75)

## 4.2. Hulpwerkwoord *het*

Die Hollandse vorm *het*/*heit* van die Nederlandse hulpwerkwoord *heeft*, aanvanklik slegs 'n persoonsvorm, word as *het* in Afrikaans die enigste persoonsvorm vir enige persoon of getal en verdring as hulpwerkwoord selfs die infinitiefvorm *hê* – vgl. *Julle kon given het* (Scholtz, 1963: 27). *Het* en *heit* kom in 'n aantal briewe as hulpwerkwoord in die enkelvoud voor:

*de* spraeckt **heijt** hier gegaen dat (53); gehadt **heijdt** (68); voor sin weldade dien hij ... gedaen **het** (73); ul skreijwent untvaangen **het**; ik **het** 3 briwen van ul gehat en ik **het** ok ul 2 briwe gestuijrt; dat ul seij [sic] nit untvangen **het**; wante ik **het** vorstaen dat geij soude na gene (Guinee) tu werom; unse elfies (Elfie) maeijsie so hir **het** lustigh vant jar gesturwen (80)

## 4.3. Besitlike en persoonlike voornaamwoord

Die besitlike voornaamwoord kom soos in Afrikaans enkele kere sonder slot-*n* voor:

*sij* seegen (1); so sall godt **sij** segghen aen haer geven (11); **Mij** seer eewaerde [sic]huisvrou (35); van **mij** familij; **mij** dochter (hiernaas dikwels *mijn* in plaas van *mij* as persoonlike voornaamwoord)(85)

Anders as in vandag se Standaardnederlands of Standaardafrikaans, kom *mijn* veelvuldig in die briewe as *persoonlike* voornaamwoord voor – so ook in Kaaps-Nederlandse tekste.

## 4.4. Kennen *vir* kunnen

In plaas van *kunnen* kom die werkwoord *kennen* meermale voor. Dit is 'n kenmerk nóg van Standaardnederlands, nóg van Standaardafrikaans, maar kom onder meer in die dagboek van Louis Trigardt (1838-38) (Le Roux, 1966) veelvuldig voor.

*kennen* begripen (22); waer wij godt nijet ten volle van *kennen* daneken (68); wante weij *kene* de briewe der soo nit na tu kreijgen (80); laet niet nate schrijven als ghij *kendt* (100), en brieve (24), (42) en (74)

#### 4.5. Leggen *vir* liggen

Die werkwoorde *liggen* en *leggen* – wat in Afrikaans saamval as *lê* – is volgens Koelmans (1978:23) in die 17de eeu nog nie konsekwent onderskei nie: “(V)oor ‘liggen’ worden vaak vormen van ‘leggen’ gebruikt”.<sup>6</sup> Talle voorbeelde hiervan kom in die briewe voor, onder meer briewe (50, 57, 62, 81, 88) en (96).

#### 4.6. Diminutiefsuffiks

Op die oog af lyk dit asof die diminutiefsuffiks met [i] in teenstelling met [jə] heel dikwels voorkom, veral by eiename:

*maetie* (maatje); *kintie*; *marrentie* (Marretje); *dat schippers wijffie* (8); *ende dat hij wat mooijties* (mooitjes) *te huijs brengen sall* (11); *arijanties* (Ariaantjes) (27); *briefien* (28); *sleghties* (slechtjes); *tkleentie* (het kleintje) (33); *briefie* (43); *griettie* (44); *int slopie* (slopje); *gevaertie* (gevaartje) (46); *vatgie* (vaatje) (47); *scheepie* (49); *aeltie* (Aaltje) (50); *machteltie* (Magtelkje), *maertie* (Maartje), *neltie* (Neeltje) (60); *een pintie* (pintje) *water*; *jantie* (Jantje) en *antie* (Antje) (69); *en klen sturrem tien* (stormpje); *wentien* (Wentje) (73); *Iacomijntie* (2x); *maejitie* (Maaitje); *tannetie* (Tannetje) (79); *annetie* (2x); *clasio* (Claasje); *unse elfies* (Elfie) *maeijisie* (80); *liesbetie* (Liesbetje) (97)

Dit is egter nie duidelik of <ie> as [jə] of as [i] geïnterpreteer moet word nie (Nobels, 2013: 259). In soverre in die konteks van individuele briewe bepaal kon word watter klankvorm bedoel word, het Nobels (2013: 259) gevind dat “[i] was used more often by members of the lower classes”.

Verder is dit ook nie duidelik of ’n vorm soos *maeti* [ma:ti], [ma:jci] of [ma:jtfi] voorstel nie (vgl. o.a. Afr. *Matie* teenoor *maatjie*), en of *tannetie* op [-ti], [-ci] of [-tʃi] geëindig het nie.<sup>7</sup> Soortgelyke interpretasieprobleme het ons onder meer by eiename in die dagboekie van Johanna Duminy (Franken, 1938), bv. *Miethee*, *Leenthee*, *bouijthee* (boudjie) en veral *vogeltes*, terwyl *Vransie*, *Crissie*, *huijsie*, *steenbökkie*, ens. duidelik van ’n [-i]-slot getuig.

Vir die 18de eeu vind Simons (2013: 292), wat die *-ie*-suffiks as [i] eerder dan as [jə] beskou, dat Amsterdam veral [i] het, en vir haar hele korpus dat die *-ie*-suffiks meer dikwels by vroue as mans voorkom; *-ie* kom in Amsterdam meermale voor “na woorden met een *t* in die auslaut (*hertie*) of woorden die het verkleinsuffix *-(e)tje* krijgen (*soontie*)”.

Koelmans (1978: 25-26) wys op vorme soos *huisie*, *kettingtie*, *spreuckies*, *doossie*, *boekie* en *stilleties* in 17de-eeuse Nederlands.

#### 4.7. Meervoudsuffiks

Die suffiks *-s* waar Standaardnederlands *-en* het, kom onder andere voor in *cenders* (3 keer) (65); *kinderes* (72); *kijnders* (79) – en vergelyk ook *briewe* (10, 13, 19, 35, 46) en (52). (Vgl. ook Koelmans (1978: 21) vir meervoude soos *mans* en *kinders* in die 17de eeu.)

### 5. Sintaksis

#### 5.1. Ontkenning

Die ou *en*-ontkenning voor die persoonsvorm naas 'n ander ontkenning,<sup>8</sup> bv. *ick en hebbe het ock soo breet niet* (34); *jck en hebbe jn gen 5 a 6 weckken by menschen mogee komen* (68) kom in 34 briewe<sup>9</sup> (=34% van die briewe) voor.<sup>10</sup> Pheiffer (1980: 186) het dit meermale teëgekom in die Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die 18de eeu en E.H. Raidt het dit dikwels in persoonlike briewe uit die tweede helfte van dié eeu aangetref (vgl. Pheiffer, 1980: 187). Aangesien dit hier om 'n heel ander leksikale vorm en konstruksie gaan as die dubbele *niet* in moderne Afrikaans, kan dit op generlei wyse as 'n voorloper van die Afrikaanse ontkenning beskou word *niet*, maar dit moes wel beperk in die spreektaal voorgekom het. Interessanter is miskien verdubbelings soos in *ijck comme ock nergens niet* (34), wat reëlreg by Afrikaans aansluit, maar volgens Marijke van der Wal [persoonlike mededeling] tog selde in die briewe voorkom.

Wat die Afrikaanse eerste ontkenning betref, wys Nobels (2013: 262) daarop dat enkelnegasie (die afwesigheid van die *en*-ontkenning voor die persoonsvorm)<sup>11</sup> veral in die Noord-Hollandse briewe voorgekom het – 'n neiging waarby die Afrikaanse spreektaal dus aansluit: “Single negation ... occurred in almost 90% of the cases in North Holland, while it took up just about 50% of the cases in Zeeland.”

#### 5.2. Refleksief

In plaas van Ndl. *zich*, 'n latere ontlening aan Hoogduits (vgl. Van der Wal en Van Bree, 2014: 214), gebruik Afrikaans die persoonlike voornaamwoord (*hom, haar, ens.*) ook as refleksiewe vorm. Enkele voorbeelde met Ndl. *hem*<sup>12</sup> is aangetref:

*hij heeft hem* veerhuurt (13); *om dat onsen godt hem* over die quaetdoenders seer vertoont (54); *de sterre met de steert heeft hem* hier mede verscheijden nachten vertoont (93)

### 5.3. *Varia*

Enkele voorbeelde – en dus nie bewyskragtig nie, maar tog vermeldenswaardig – van wat vandag tipiese Afrikaans is, val op:

- die volgorde indirekte + direkte voorwerp by voornaamwoorde in (11): *sij sal hem het stuijren* (Afr. *hom dit*);
- rigtingaanduiding met *is* maar sonder voltooiende deelwoord in (59): *dat hij weeder naer dobago toe is* (Afr. *na Tobago toe is*);
- SVX-volgorde na *dat* en die jukstaposisie van *sal* en *moet* in die spreektaal, albei in (80): *dat ul sel mut nu wat na briue waghten*.

## 6. Morfo-sintaksis

Die verskynsels wat seker die interessantste is vir Afrikaans is dié wat op die raakvlak tussen morfologie en sintaksis lê.

### 6.1. *Naamwoordstuk*

Van die omskrewe pre-genitief of besitsvorm, die voorloper van die Afrikaanse *se*-vorm, soos in *Jan Egmont se moeder*, is 13 voorbeelde in 11 briewe aangetref – meermale naas die *-s*-genitief. Die meerderheid gevalle (12) het *sij(n)* wat na mans (selfs *de Heer*) verwys, ofskoon *Cristenmensche* ook vroulik sou kon wees. Een maal verwys *haer* na 'n vrou.

*aermt sijen brief* (4); *jan egmont sijn moeder*; *sonnenberch sijn vrou*; *de wolt sijn vrou* (8); *andrijs sijn wijf* (12); *want sonder deheer syn hulpe en kennen wij niet* (42); *Juffr. Lems haer vader* (56); *ian de wijt sij broer* (60); *mijn lieve man sijn goeder gesontheyt*, naas *Capiteijns burgers vrou* (63); *menheer de ruijter sijn swager eerfert* (72); *teune dane sijn vrouwe* ('Teun Dane zijn vrouw'), naas *Iacob tueres vrouwe en pijter brijems vrouwe* (79); *de stuman (stuurman) sijn vrou Klaar* (88); *een Cristenmensche sijn herte* (91); *de copman sijn soon* (96)

In die 18de eeu word die *sijn*-konstruksie volgens Simons (2013: 293) meer dikwels deur vroue, en veral vroue jonger as 30 en afkomstig uit die middel-hoë stand, gebruik as deur mans.

### 6.2. *Werkwoordstelsel*

#### 6.2.1. 'Afwykende' infinitiefvorme

Vooraf moet gestel word dat hier en elders geen onderskeid getref word tussen



-en en -e in onbeklemtoonde slotsillabes nie aangesien die verlies van slot-*n* nie van groot belang is vir die Afrikaanse taalgeskiedenis nie. Hierdie slot-*n* het nooit deel geword van die Afrikaanse spelling nie en kan dus nie in die uitspraak deur spelling in stand gehou word nie. Waar dit wel gespel word, byvoorbeeld in woorde soos *tussen*, *buiten*, *open* en *baken*, en in eiename soos *Kempen* en *Franken*, word dit konsekwent uitgespreek. Vir die vroeë 19de eeu wys Smuts (1975: 3) op 'n aantal skrywers wat die slot-*n* by infinitiewe en sterk voltooië deelwoorde meestal behou, in teenstelling met een wat dit “in die reël in alle gevalle weglaat” – 'n aanduiding dat die skryf daarvan bloot 'n funksie van spelkennis is.

*Doenen* dui op die analogiese herinterpretasie van die stam *doe* as *doen*; Koelmans (1978: 23) wys op die voorkoms van gevalle soos *ick sien*, *gaan*, *doen*, *staan*, *slaan* in 17de-eeuse tekste, en Weijnen (1960: 43) op *wy stane*, *doene*, ens. Terwyl sodanige herinterpretasie uit Nederlandse oogpunt as ‘afwykend’ beskou kan word, verteenwoordig dit tog 'n ontwikkeling in die rigting van Afrikaans.

In 11 gevalle in 8 briewe ontbreek die infinitiefuitgang -*e(n)* volledig, soos ook in Afrikaans die geval is. Pheiffer (1980: 99-100) tref ook talle gevalle in die 18de-eeuse Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap aan. *Wess* stem opvallend met die Afrikaanse *wees* ooreen (*wesen* kom algemeen voor as wisselvorm vir *sijn*) en *mooght* is 'n hiperkorrekte vorm (maar tog sonder -*en*-uitgang).

*t' sall qualick **afloop***<sup>13</sup> (18);  
*in het **bulder** (bulderen) der leuven* (nominalisasie) (20);  
*sal dan de her (Heer) **wet** (weten)* (31);  
*ende dat ghij een voor spoedege reis sal doen **mooght*** (60);  
*hoopen dat god met ons sal **wess**; godt wijl sijn sijel genadegh **wess*** (66);  
*heij heeft een pestool of **wijl** schette (willen afschieten); ijek hoop dat dije goede godt v e sal gesontheit **verlen*** (72);  
*dat ul sel **mut** nu wat na briwe waghten* (80);  
*soo sal ick noch **scrijv** een brev aen ul; ghij hof haer geen breven meer te **stuer**;*  
*sullen wij **doenen** wat mogelijk is* (94)

### 6.2.2. *Hebben of sijn?* – die mutatiwewerkwoorde

Mutatiwewerkwoorde, dit wil sê werkwoorde wat beweging of 'n verandering van toestand aandui, neem in Afrikaans net *het* as hulpwerkwoord, vgl. *Hulle **het** huis toe gegaan* (Scholtz, 1980: 86). In die geval van die werkwoord *wees* is die hulpwerkwoord egter gewoonlik *wees* in die spilposisie (tipies *was ... gewees*,

maar ook *is* of *het ... gewees*), maar in die eindgroep altyd *het (gewees het)*. Hierdie hibriditeit in die Afrikaanse sisteem sluit moontlik aan by die feit dat *gewees* in 17de-eeuse Nederlands sowel *zijn* as *hebben* kon neem. In die ondersoekte briewe oorheers *hebben* as hulpwerkwoord; die kollokasie van *hebben* en *gewees* kom in minstens 18 briewe voor. Voorbeelde:

*jck wenste dat het waer hadde geweest (18); dan hebbe ick 6 maenden in dienst geweest want wij ... buiten gaets hebben geweest (52); wy hebben elff weecken onderweegh geweest (69); en heeft al 16 maanden doot geweest in oostindien (91)*

Sommige skrywers het *wesen* sowel as *hebben*:

*heeft ... geweest, maar: dat ... hier geweest sin (zijn) (32); het heeft daer een Goede soomer geweest daer ijs heel schoon kooren gewassen ende een schonen kooren bou geweest ; heeft ... soo warm geewest [sic] (38)*

Ook by ander mutatiwe werkwoorde kom *hebben* in plaas van *sijn* voor:

*Ick sou seker ... wel tuijs ghe koomen hebben (10); hadde hij kleren gehadt hij sou hier gecommen hebben, naas: en switser is weer hier comen (34); de spraeckt heijt hier gegaen dat ul doot was (53); ende hebbe in simmon hussel begon (beginnen) te schepen (57); het heeft hier al vrij wat op een sterven gegaen (63); en dat iijj soo gemakelick geuaren heb, naas: is uit geuare (73); unse elfies (Elfie) maeijsie so hir het lustigh vant jar gesturwen (80); de sterfte ... heeft godt danck hier graselyck (gracelijk) gegaen (98)*

Tot dusver is gekyk na hoe die voorkoms van sekere fonologiese en grammatiese verskynsels in die taalgebruik van die gebuite briewe lig kan werp op die ontwikkeling van 17de-eeuse Nederlands aan die Kaap tot die latere Afrikaans. Vervolgens word die moontlikheid ondersoek dat 'n ontleding van die briewe ook lig kan werp op prosesse van taalverandering oor die algemeen.

### 6.3. Onderwerp-persoonsvorm-kongruensie: 'n hipotese

#### 6.3.1. Paradigma

'n Tipiese kenmerk van Afrikaans is dat die persoonsvorm van die werkwoord nie van vorm verander na gelang van die onderwerp van die sin nie. Afrikaans vergelyk soos volg met vroeëre Nederlands:

|      |                                  | Afr. <i>het</i> | Afr. <i>is</i> | Afr. <i>loop</i>        |
|------|----------------------------------|-----------------|----------------|-------------------------|
| ekv. | 1 ik ( <i>ek</i> )               | heb(be)         | ben            | loop/lope <sup>14</sup> |
|      | 2 jij ( <i>jy</i> )              | heb(t)          | ben(t)         | loop(t)                 |
|      | 3 hij/hy ( <i>hij/sy</i> ), ens. | heeft           | is             | loopt                   |
| mv.  | 1 wij ( <i>ons</i> )             | hebben          | sijn/bennen    | lopen                   |
|      | 2 jullie/gij ( <i>julle</i> )    | hebt/hebben     | sijt/bent      | loopt/lopen             |
|      | zij ( <i>hulle</i> )             | hebben          | sijn/bennen    | lopen                   |

Ofskoon nie aangeneem kan word dat die defleksie van Nederlands aan die Kaap voor die deur van Nederlands gelê kan word nie, is dit tog moontlik dat daar in die Nederlandse spreektaal, in die alledaagse taalgebruik, onsekerheid oor die gewone vorme geheers het, wat 'n aanloop kon wees tot die algehele verval van dié stelsel aan die Kaap. Terwyl normatiewe instansies soos skole aan die Kaap in 'n hoë mate afwesig was, is defleksie deur die bestaan van 'n gevestigde samelewing en prosesse van taalstandaardisering in Nederland teëgewerk.

Dat daar by die briëfskrywers onsekerheid oor persoons- en getalsvorme geheers het (altans aan bostaande paradigma gemeet) blyk duidelik uit die voorbeelde wat hieronder aangehaal word. 'n Waarneming wat die hipotese van 'n verdere ondersoek kan uitmaak, is dat die *afstand* tussen persoonsvorm en sinsonderwerp deur 'n faktor soos die spreker – of dan die skrywer – se korttermyngeheue bepalend is vir sy of haar vermoë om die aangewese vorm te kies. Aangesien onderwerp en persoonsvorm in SVX-strukture (waar S = subjek, V = verbum en X = ander sinsmateriaal) gewoonlik in jukstaposisie is, maar die persoonvorm in SXV-konstruksies (onderskikkende bysinne met afhanklike volgorde) tot die eindgroep behoort, word waargenome afwykings daarvolgens in twee groepe verdeel. Let daarop dat afwykings hier per geval ontleed word, terwyl 'n ontleding per skrywer/skryfster (wat meerdere gevalle mag toon, maar net as 1 getel word) in 'n uitvoeriger ondersoek groter geldigheid kan hê.

### 6.3.2. Persoonsvorm in SVX-konstruksie

maer **Ick wensten** wel dat ... (10);

end veerder **heb onse prins** erst weder met sijn volck ... (27);

**hebben ons volck** (31);

**ick gaan** (33);

**het lijk wierden** van ontallicke menschen gevolght (38);

**al de vrieden** [*sic*] **doene** ul hartelijck groeten (53);

**jck mejnen** hem wel eens ghesijen te hebben (59);

en **thrijn nicht heb** her soon ver loren en **sij hebbet** weer een soon gekregen; dat **kanne wij** v iet schrijven (60);

soo **doen ijck** ul mijn gesoent heijt verstaen (65);  
**Ick doen** mijn best om met eer doer die werelt te geraecke (70);  
 [meervoudige onderwerp] en **heb** altermael sijck gewest; **het rackten** (raakte) hem in sijn hals (72);  
**Jck** ul moeder **verstaen** uidt ul brief; maer **Jck verstaen** dat ul heel doot kranck geweest ben (73);  
 en **seij** (mv.) **grut** ul vel guds (80);  
**wensten ick** wel dat ick (86);  
**wij wenckt** (wensen) (89)

Dat afstand ook in SVX-konstruksies 'n rol kan speel, blyk uit 'n geval soos die volgende – waar konjunksie en ellips van die onderwerp 'n rol speel:

*wij leggen hier aen sinte crostoffel omte laden maer **sal** naer gissinghe...* (62)

Van die 20 afwykings kan 6 toegeskryf word aan die herinterpretasie van *gaan*, *doen* en *verstaen* as stamvorme; 2 (31, 38) moontlik aan 'n *constructio ad sensum*; 'n verdere 4(10, 59, 72, 68) aan die hiperkorrekte toevoeging van *-n* en 1(62) aan die afstand tussen onderwerp en persoonsvorm. Ook *kanne* (60), hoewel afwykend, het steeds meervoudsfleksie. Van 14 uit die 20 'afwykings', byna driekwart, kan dus in die geval van SVX-konstruksies rekenskap gegee word.

### 6.3.3. Persoonsvorm in SXV-konstruksies (onderskikkende bysinne met afhanklike volgorde)

als **Jck** ... Aen ul ... geschreven **hebben** (1);  
 hoe **gy** myn siette (zitten) laten **heb**; soo **ken** (kunnen) **ick** dat **gy** liefde **hebbe** (7);  
 soo lanch als **jck** een warrenmen bloet drop jn mijn aderen **hebben**; dat **jck verstaen** dat **gij** ...; laet u l  
 weeten dat **jck en mijn moeder**, ens. ... noch gesont en wel ten pas **ben** (8);  
 als **Ick** ook **hoopen** dat het met ul oock soo **Is** ... (10);  
 eer dat **jck** u.l. brief ontvangen **heeft** (11);  
 of **geij** noch **leef** (17);  
 dat **ick** noch fraeij ende gesont **sijn**; al dat **wij** met den eerste **sale** laede (19);  
 daer **ick** seer om **sijn** verblijdt geworden (21);  
 dat **de fransen** hier uijt onse lande weder **veertreck** als dat hij uijtert (Utrecht) al veerlaten **heb** (27);  
 dit is de ... vrede (vierde) brief die **jck** jou ge sch (31);  
 dat **ick** langentijt niet welgeslagen **hebben**; (dat) al **het volck** sieck **hebben** geweest (35);  
 gelijck **wij** u alle oock **doenen** (38);  
 dat **ijck** ... **huerden** (39);  
 tot **wij** Een goede prijs **kryg** (41);  
 als dat **ick ul moeder** ... **en alle vrienden** ... noch in goede ghesontheit **ben** (42);  
 want **ick** in langen tyt geen brieven gehadt en **hebben** (44);

want hier *grootte gheruchten* om *gaet* dat daer *een grootte slag* ... weesen *sullen* (50);  
 dat gelt dat *ghij* mijn gestuert heb (51);  
*abygaels man* die en *wilt* mij niet erkennen; dat *jck* aen mijn meesters geschreven *hebben* (52);  
 dat *jck* teghen woordijgh al 3 brijvan van ul ontfangen *hebben* (59);  
 ende dat *ghij* een voor spoedege reis *sal* doen mooght; als dat ghi schrijft dat *wij* int hvis *sal* bliven; dat *ghij*  
 int eerst veel spul *heb* ge hadt met v schipper; dat v *soon* twnis Jacobsz een soon *heb* gekregen; ghi schrijft  
 dat *wij* v *sal* late weten; dat wij niet wisten of *wij* leven *had* of niet; die tit dat *ghi* hier van daen ge weest  
*heb* (60);  
 dat *ghij* behouden Aen die kap (Kaap) gekomen *ben*; en dat *ijij* soo gemakelick geuaren *heb*; Als dat *wij*  
 3 briefe van ul broeder ontfangen *heb*; dat *onse Jan* ... socken droeuchighen weer gehadt *hebbe* (73);  
 Ick laet UL weeten dat *ick* noch wel te passe *sijn* met onse twe soonen (90)

Van die 40 afwykings kan 2 (8b, 38) toegeskryf word aan die herinterpretasie van *doen* en *verstaen* as stamvorme; 1 (35b) moontlik aan 'n *constructio ad sensum*; 'n verdere 9 (1, 8a, 10, 31, 35a, 39, 44, 52, 59) aan 'n hiperkorrekte toevoeging van *-n*; het 1 (*sale* in 19b) steeds meervoudsfleksie; 7 (7a, 17, 51, 60c, 60g, 73a, 73b) aan die apokopee van *t*, en 5 (8c, 41, 42, 60f, 73c) aan die apokopee van *-e(n)*. Van slegs 25 uit die 40, of ongeveer 62%, van die 'afwykings' kan dus in die geval van SXV-konstruksies rekenskap gegee word.

Uit hierdie loodsondersoek blyk dit dat daar 20 afwykings in SVX-kontekste teenoor 40 in SXV-kontekste gevind is. Kyk ons na die afwykings waarvan nie op ander maniere rekenskap gegee kan word nie, is die 'egte' afwykings 6 en 15, onderskeidelik. Dit verdien aanbeveling om 'afstand tussen onderwerp en persoonsvorm' verder te ondersoek as moontlike faktor in verbale defleksie.

Aangesien defleksie aan die Kaap heel vroeg waargeneem kon word uit geskifte van Franse moedertaalsprekers uit die geledere van die Hugenote, volg hier as illustrasie enkele uittreksels uit 'n brief wat Jan/Jean Leroex in 1710, 22 jaar na sy aankoms in Kaap, geskryf het (vgl. Pheiffer, 1980: 58-59) en waarin soortgelyke 'afwykings' as hierbo waargeneem kan word.

*Aan Mon Sieur Lan drossen en den acbaer raat zijn bekennt den ackoot dat ick met hary geldenus gedant hebben met hem ...*  
*en daar voor hij zoe den* (zouden) mijn vijf muetten terwen zaaie...  
*en daarom pretendeeren ick* voor myn Schaden...  
*Ter toonyngen. aan den acbaer raat, dat jck mijn belooft zijn na gekomme...*  
*vaar voor vye (wij) preten deer...*  
*en ijunij acte dagh. dat ick ver zumt hebben. om te rijen. als hij. te hus waar. gekommen. zijn ...*

Dieselfde soort 'afwykings' kan ons 'n verklaring in 1748 deur of namens Hilletie Kervel, uit die Nederlandse bevolkingsdeel, waarneem (Van Oordt, 1947: 3):

waar op **zij** weer met malkaar weer afgedronk en **heeft** ...  
 dat **gij** mijn dan te pas **sal** brengen ...  
**gij ben** de onder gang van mijn moeders goet ...  
 maar **jullie ben** deur brengers van Jou moeders goet ...  
 om dat **ik** in brave burgers huijs **zijn** ...  
 waar op **van aart, en visser**, op **sprong** ...  
 ik **sal daar** (= geweer) geen kwaat me doen, **daar** geen steen op is en niet geladen **zijt** ...

## 7. Slotsom

Uit die ondersoekte materiaal blyk dit duidelik dat verskillende aspekte van die Afrikaanse fonologie en grammatika as 'n verlengstuk van die alledaagse Nederlandse omgangstaal in die 17de eeu beskou kan word. Dit is egter ook belangrik om te let op die negatiewe getuienis van wat *niet* in die briewe voorkom nie, byvoorbeeld die tipies Afrikaanse dubbele ontkenning; hiervoor moet ander oorspronge oorweeg word.

Die moontlikheid is ook oorweeg dat die afstand tussen die sinsonderwerp en die aansluitende persoonsvorm 'n faktor kan wees wat verbale defleksie bevorder. Sou dit die geval wees, dan sou die ontsluiting van 17de-eeuse Nederlandse omgangstaal deur middel van hierdie briewe nie net regstreeks heenwys na verskynsels wat in Afrikaans voortgesit is nie, maar ook – gesien die hoeveelheid materiaal wat reeds beskikbaar is en nog ontsluit kan word – 'n bydrae kon lewer tot 'n groter begrip van die verskynsel van defleksie, wat so 'n prominente rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

*Universiteit van Johannesburg*

## Bronnelys

### (i) Briewe

Die 100 briewe waarop hierdie ondersoek gebaseer is, is vindbaar by:  
[www.brievensbuit.nl](http://www.brievensbuit.nl)

In volgorde word aangegee: afsender se van en woonplek, datum van versending, ontvanger se van. Afkortings: Asd: Amsterdam, NH: Noord-Holland (uitgeslote Amsterdam), ZH: Zuid-Holland, Zld: Zeeland en Wes-Vl: Wes-Vlaandere.

- 1 Dam, NH, 1672 >Roelof; 2 Tinnegieter, Zld, 1672>Abrahams; 3 Jans, Asd, 1664>Jansen; 4 Onbek., NH, 1664 >Oliviersz; 5 Verbrugge, Zld, 1663 >Verbrugge; 6 Zceman, NH, 1672

>Zeeman; **7** Klaas, NH, 1671 >Nevel; **8** Jans, Asd, 1664 >Bruin; **9** Adriaansen, Zld, 1664 >Jansen; **10** Vermeij, ZH, 1666 >Oosterwijk; **11** Zeverijs, Asd, 1664 >Jansen; **12** Hendriks, Asd, 1664 >Andriesz; **13** Pieters, Asd, 1664 >Cornelis; **14** Cornelis, NH, 1672 >Karnemelk; **15** Coeck, Asd, 1672 >Gerritsen; **16** Jansen, onbek., 1672 > De Waker; **17** Lubbersen, Asd, 1665 >Gruijs; **18** De Zoutte, Zld, 1672 >onbek.; **19** Doude, Wes-VI, 1664 >Doude; **20** Onbek., Zld, 1665 >Nouters; **21** Meinderts, NH, 1672 >Lukasz; **22** Hinlopen, NH, 1672 >Hinlopen; **23** Walravens, Asd, 1664 >Walravens; **24** Krijnse, ZH, 1664 >Slingeland; **25** Du Pire, Asd, 1664 >Walravens; **26** Jorissen, Zld, 1664 >Jorissen; **27** Ottens, Asd, 1673 >Engelbrechtsen; **28** Ossenweijder, NH, 1664 >Pondt; **29** Hendriks, NH, 1671 >Weiland; **30** Pieters, Asd, 1664 >Hendricksz; **31** Juriaans, Asd, 1672 >Ifferens; **32** Sanders, Asd, 1664 >Jansen; **33** Poulus, Asd, 1664 >De Jonge; **34** Vrienk, Asd, 1673 >Bartrink; **35** Andriesen, Zld, 1672 >Jansen; **36** Van Wijngaarden, ZH, 1665 >Haster; **37** Dekkers, Duitsland, 1666 >Dekker; **38** Poen, NH, 1672 >Oudewagen; **39** Vroman, VSA, 1664 >Vroman; **40** Hagedoorn, Zld, 1664 >Timmermans; **41** Jaspersz, onbekend, 1673 >Van Leene; **42** Gerrits, Asd, 1672 >Bervoet; **43** Onbek., Zld, 1664 >Blok; **44** Tomas, ZH, 1664 >Hum; **45** Pietersen, Basseterre, 1664 >Jansen; **46** Barwijk, onbek., 1664 >Sijbrants; **47** Lijon, Zld, 1672>Frans; **48** Van Staden, Asd, 1672 >Drost; **49** Blondel, Zld, 1665 >Blondel; **50** Arendz, Asd, 1664 >Van Rees; **51** Jacobs, Asd, 1672 >Leendertsen; **52** De Wever, Zld, 1672 >Frans; **53** Laurens, ZH, 1664 >Verbeek; **54** Jacobs, NH, 1672 >Jacobsz; **55** Jans, Asd, 1672 >Ronge; **56** Cordes, Asd, 1667 >Cordes; **57** Van de Velde, Zld, 1664 >Gillis; **58** Lefeber, Zld, 1664 >Pieters; **59** Lalier, Zld, 1672 >Bastiaans; **60** Jacobs, NH, 1672 >Engels; **61** Cornelis, Zld, 1665 >Leenders; **62** Adriaansen, Zld, 1664 >Teunis; **63** Kools, NH, 1664 >Barentz; **64** Jurriaans, Asd, 1665 >Jans; **65** Harmens, Asd, 1672 >De Harder; **66** Groot, NH, 1672 >Verbeek; **67** Mattheus, Asd, 1664 >Laurensz; **68** Jans, ZH, 1664 >Hoogenboom; **69** Van Rasenberg, Zld,1672 >Van Rasenberg; **70** Jans, NH, 1672 >Oos; **71** Dirksch, Zld, 1665 >Dirksch; **72** Wijbrants, Asd, 1664 >Willemsz; **73** Akkermans, NH, 1672 >Akkermans; **74** Van Batelaan, Asd, 1672 >Bavelaar; **75** Goskes-Rynhout, Asd, 1672 >Goskes; **76** Brandt, Zld, 1664 >Brandt; **77** Scherius, NH, 1672 >Duclasel; **78** Deijnissen, Wildekust, 1672 >Jacobs; **79** Adriaansen,Zld,1664 >Louwers; **80** Alberts, Asd, 1664 >Boshart; **81** Noordland, NH, 1665 >Rock; **82** Sweerts, Asd, 1672 >Bruno; **83** Jaspers, Zld, 1665 >De Vos; **84** Ocket, Wes-VI, 1664 >Ocket; **85** Vaans, Zld, 1664 >Scis; **86** Verbernaar, ZH, 1664 >Bosveld; **87** Jans, Zld, 1665 >Bastiaansz; **88** Pieters, Asd, 1672 >Dirksen; **89** Swan, NH, 1672 >Swan; **90** Jans, Wes-VI, 1664 >Jans; **91** Willems, ZH, 1664 >Van der Veer; **92** Jans, Asd,1672 >Jansen; **93** Jans, NH, 1665 >Rock; **94** Barents, Asd, 1664 >Barents; **95** Kersteman, Asd, 1665 >Kersteman; **96** Benjaminse, Asd, 1673 >Adriaans; **97** De Liefde, ZH, 1664 >De Liefde; **98** DeJong, NH, 1664 >De Jong; **99** Grasmeer, NH, 1672 >Caesar; **100** Van der Burg, ZH,1664 >Hoosbaan.

## (ii) Publikasies

- Deumert, Ana.** 2004. *Language Standardization and Language Change – The dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Franken, J.L.M.** 1938. *Duminy-dagboek*. Die Van Riebeeck-Vereniging, deel 19.

- Kaapstad: Nasionale Pers.
- Grebe, H.P.** 2012. *Op die keper beskou. Oor die ontstaan van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Koelmans, Leendert.** 1978. *Inleiding tot het lezen van zeventiende-eeuws Nederlands*. Utrecht: Bohn, Scheltema & Holkema.
- Le Roux, T.H.** 1966. *Die dagboek van Louis Trigardt*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Nobels, Judith.** 2013. *(Extra)Ordinary letters – A view from below on seventeenth-century Dutch*. Proefskrif op internet: <http://www.lotpublications.nl/publish/articles/004661/bookpart.pdf>
- Pheiffer, R.H.** 1980. *Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu*. Kaapstad, ens.: Academica.
- Rutten, Gijsbert & Marijke van der Wal.** 2011. Local dialects, supralocal writing systems. The degree of orality of Dutch private letters from the seventeenth century. *Written Language & Literacy* 14(2): 251-274.
- Scholtz, J. du P.** 1963. *Taalhistoriese opstelle*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Scholtz, J. du P.** 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Simons, Tanja.** 2013. *Ongekend 18e-eeuws Nederlands – Taalvariatie in persoonlike briewe*. Leiden: LOT Publications. <http://www.lotpublications.nl/publish/articles/004765/bookpart.pdf>
- Smuts, Johannes.** 1975. *Vroeë Afrikaans veral na aanleiding van Trigardt se dagboek*. Kaapstad: Nasou Bpk.
- Van der Wal, Marijke & Cor van Bree.** 2014. *Geschiedenis van het Nederlands*. Houten-Antwerpen: Unieboek/Het Spectrum.
- Van der Wouden, Ton** (red.). 2012. *Roots of Afrikaans – Selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Van Oordt, L.C.** 1947. *Die Kaapse Taalgief*, deel I. Kaapstad.
- Weijnen, Antonius.** 1960. *Zeventiende-eeuwse taal*. Zutphen: WJ Thieme & Cie.

## Note

1. Ek bedank Marijke van der Wal graag vir waardevolle wenke, en die NRF, die Universiteit van Johannesburg en die SAVN vir steun met die projek; die mistastings bly my eie.
2. Nommers verwys na die briewe in die Bronnelys.
3. Volgens Van der Wal en Van Bree (2014: 228) 'n kenmerk van Hollands.
4. Vgl. Afr. *vir. Voorbij* is volgens Koelmans (1978: 12) dikwels tot *verbij* gereduseer.
5. *De vind ons as lidwoord by die onsydige s.nw. land: indde plat lande* ('platteland') (31).
6. "De Holl. schrijvers verwarren *liggen* en *leggen*", aldus Weijnen (1960: 40).
7. Grebe (2012:111) beweer dat die [-tʃi]-uitspraak vroeër veel meer verbreid was aan die Kaap.
8. Vgl. Koelmans (1978: 37-8).
9. Vgl. briewe 8, 9, 10, 16, 17, 18, 24, 29, 30, 32, 34, 42, 44, 45, 48, 50, 51, 52, 60, 63, 64, 68, 69, 72,



79, 83, 84, 85, 86, 87, 91, 97, 99, 100.

10. Nobels (2013: 261) vind dat die briefskrywers in haar korpus “still used bipartite negation in about 35% of the cases”. (LW: gevalle, nie briewe nie).
11. Oor die ontwikkeling van tweeledige na enkelnegasie in Nederlands, vgl. Van der Wal en Van Bree (2014: 217-8).
12. Vgl. Koelmans (1978: 19).
13. Op rand van papier.
14. In die eerste helfte van die 17de eeu was daar in die 1ste pers. ekv. variasie tussen vorme met en vorme sonder slot-*e*, vgl. Van der Wal en Van Bree (2014: 213, 257). Vgl. ook Koelmans (1978: 21); Weijnen (1960: 43).

# Die ontwikkeling van en die verbande tussen die Nederlandstalige en die Afrikaanse letterkunde (deel 2)

H.P. van Coller

## *The development of and the relations between the Dutch and Afrikaans literary systems (Part 2)*

*The most important influence of the Dutch literary system on Afrikaans literature is most probably the movement of the Eighties (de Beweging van Tachtig). These poets stood at the beginning of modernism proper in the Dutch literary system and had a profound influence – not only on Dutch literature in the twentieth century, but also on the Dertigers (the Movement of the Thirties) in Afrikaans literature. Strangely enough a Dutch poet who was vehemently against their poetic ideas, M. Nijhoff, also influenced Afrikaans poets like D.J. Opperman. Whilst the description of the evolution of the Dutch and Afrikaans literary systems provides a diachronic overview, this study is concluded with a typology of influence. This facilitates a synchronic description of influence and in combination with the initial approach could stimulate further research into specifically the relation between Dutch and Afrikaans literature.*

## 1. Inleiding

In die vorige (eerste) gedeelte van dié studie is vyf fases onderskei wat in beide die Nederlandse en Afrikaanse letterkundes se ontwikkeling agtereenvolgens aantoonbaar is.

Waar die eerste twee gedeeltes (die fase van oraliteit en dié van diglossie) 'n bykans parallelle verloop het, is dit asof die derde Nederlandse fase (let wel nie 'periode' nie) – die sewentiende tot die vroeë negentiende eeu (as eeue van konsolidasie en die vestiging van 'n eie nasionale identiteit) in die Afrikaanse letterkunde 'n ander gestalte aanneem.

Daar is egter wel heelwat ooreenkomste. In die sewentiende eeu, (die sogenaamde 'Goue Eeu') is kuns gesien as gemeenskapsaktiwiteit (literatuur is ook dikwels voorgelees) en is dit opvallend watter rol gespeel is deur verenigings (soos Rederykerskamers). Die strewende na 'n goeie burgerlike bestaan van vlytigheid, spaarsamigheid, soberheid, nugterheid, gekoppel aan godsdienstigheid en liefde vir die nasie was belangrike dryfvere in die Nederlandse ekonomie, politiek én kuns. Die laasgenoemde kan ook nie totaal losgemaak word van die vestiging van 'n leeskuultuur en die algemene geestelike instelling nie en hierdie laasgenoemde tendens loop deur tot die laat negentiende eeu met sy predikante-digters totdat veral die Tagtigers korte mettenes gemaak het van én die heersende ideologie én die heersende poëtika en juis die kuns-om-die-kuns gepropageer het.

Ook in Suid-Afrika teen die einde van die negentiende eeu was kuns dikwels 'n gemeenskapsaktiwiteit: daar het talle verenigings met 'n kulturele strewe bestaan, ook openbare voorlesings, debatsaande, toneelaande en dergelike was aan die orde van die dag. Die belangrikste impuls vir die erkenning van Afrikaans, die Genootskap van Regte Afrikaners is nog so 'n invloedryke vereniging. Maar 'n ander belangrike raakpunt is juis dat kuns in diens gestaan het van ander ideale, waaronder die religieuse en politieke. Die strewe om Afrikaans as kultuurtaal te vestig, het voortgekom uit die strewe om die Bybel in Afrikaans te vertaal en die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap sou nooit toestemming verleen het om die Bybel in 'n substandaardvariëteit te vertaal nie. Voorts was die Afrikaanse letterkunde in sy eerste fases (tot en met selfs die twintigerjare van die twintigste eeu) onbeskaamd nasionalisties, indien selfs nie patrioties nie (kyk Wiehahn, 1965 en Dekker, 1958). Affiniteit (of selfs 'beïnvloeding') kan nie bloot herlei word tot ooreenstemmende temas, (sub-)genres en poëtikas nie; dit is dikwels gegrondves op ideologie.

Wat die latere gedeeltes betref, is die situasie anders, want die laat 19e eeu (en veral die Beweging van Tagtig of Tagtigers) is waarskynlik die belangrikste periode waaruit die Afrikaanse letterkunde put, veral op poëtikale vlak. Binne die bestek van 'n artikel kan slegs gekonsentreer word op enkele frappante voorbeelde van invloed (én affiniteit) naamlik veral die verband tussen die Nederlandse Tagtigers en Afrikaanse Dertigers en ook die verband tussen die modernistiese Nijhoff en enkele Afrikaanse digters uit die (vroeg-) twintigste eeu.

## 2. Die Nederlandse Tagtigers en die Afrikaanse Dertigers

Die belangrikste skrywers wat normaalweg geassosieer word met die Tagtigerbeweging – Willem Kloos, Albert Verwey, Frederik van Eeden, Lodewyk van Deyssel en Herman Gorter – hou almal verband met die stad Amsterdam waar die meeste van hulle gestudeer het en hulle ook met mekaar omgaan by die letterkundige genootskap *Flanor*. Wat belangrik was, was dat gelykgestemdes mekaar reëlmatig ontmoet het en gesprekke rondom die letterkunde gevoer het. Amsterdam speel ook 'n rol in 'n nog belangriker gebeurtenis in die totstandkoming van Tagtig. Op 15 Mei 1880 ontmoet Willem Kloos die jong digter Jacques Perk om van sy gedigte te bekyk. Gedurende die kortstondige vriendskap beïnvloed Kloos vir Perk enorm en omvorm hom as 't ware tot 'n moderne digter.

Wanneer Perk sterwe in 1881 is Kloos en Perk weliswaar geen vriende meer nie, maar Kloos skryf desnieteenstaande 'n *In memoriam Jacques Perk*. Terselfdertyd benut hy die huldiging om sy eie poëtikale denkkeelde te propageer, die domineesdigters aan te val en 'n Nederlandse letterkunde te voorsien wat trots sy

plek sal kan inneem langs die beste internasionale letterkundes. In Perk se gedigte sien hy al die eerste tekens van hierdie letterkundige omwenteling. Deur hierdie herdenkingstuk verkry Kloos ook besit van die honderdtal sonnette-siklus wat hy grondig hersien. Aan die einde van 1882 verskyn die *Mathilde-cyclus: Gedichten van Jacques Perk, met voorrede van mr. C. Vosmaer en inleiding van Willem Kloos*. Steeds word die verskyning van hierdie bundel gesien as 'n keerpunt in die Nederlandse literatuur; dalk eerder weens Kloos se inleiding. Hierin vernietig hy die makers van huislike poësie. Die digkuns is slegs enkeles beskore; dit is "eene vrouw, fier en geweldig", 'n saak van groot erns, 'n hartstog selfs wat onsterflikheid vir die digter kan beteken.

Hierdie inleiding met sy programmatiese karakter was uiters belangrik as breuk met die poësie van voorgangers soos veral die domineedigers (onder andere J.J.L. ten Kate en Bernard ter Haar). Die Tagtigers het 'n hekel gehad aan die geleentheidskarakter daarvan, die patriotiese inslag en met wat soms genoem is die "huislikheid" en morele inslag daarvan. Poësie is daarteenoor die verwoording van die allerindividueelste gevoel. Daarin uit jy jou diepste gevoelens, daarvoor offer jy alles op, daarin word die tydloosheid bereik waaroor Van Wyk Louw later sal dig in sy sonnet "Clifton", en hoewel hierdie gedig opgeneem word in Louw se *Nuwe verse* uit 1954, dra die hele gedig nog swaar aan die Tagtiger-estetiek.

Die Tagtigers se afkeer van die *domineedichters* het die Tagtigers ook geïllustreer deur parodie. Cornelis Paradijs (skuilnaam van Frederik van Eeden) parodieer vir Ten Kate ongenadiglik in sy reeds genoemde *Grassprietjes of Liederen op het gebied van Deugd, Godsvrucht en Vaderland* (1885) en skryf onder andere:

Maar Goddank! zingt nu cantaten...  
 Daar komt J.J.L. ten Kate!  
 dankt den Heer met snarespel  
 Voor Ten Kate J.J.L.  
 Dat is scheppen, dat is dichten,  
 Loven, lieven, steunen, stichten...  
 Zingt, ten Kate! Zingt uw lied!  
 God vergeet zijn dichter niet!

Dat die Tagtigers hulle skuilgehou het agter hierdie maskerade moes al duidelik blyk uit die voorwoord van Sebastiaan Slaap, skuilnaam in hierdie geval van Willem Kloos.

Vir die Tagtigers was gevoelsmatige poësie aanvanklik belangrik. Kloos se voorbeelde in hierdie verband was die bekende Engelse romantici: Shelley (1792-1822), Keats (1795-1821) en Wordsworth (1770-1850), terwyl Byron (1788-1824) se afkeer van die burgerlike moraal bepaald ook 'n aantrekkingskrag uitgeoefen het.

Frases soos “Poetry is imaginative passion” (Leigh Hunt, 1784-1859) en “Poetry is the spontaneous overflow of powerful feelings” (uit William Wordsworth se voorwoord tot sy *Lyrical Ballads* (1800)) het dikwels in die geskifte van Kloos opgeduik. Vir Kloos is die poësie iets van ’n impressionistiese momentopname, asof iets uit die binnelewe van die digter klankmatig tot uitdrukking kom.

Dit volg dan bykans logies dat vorm en inhoud een is, want wysiging op die een vlak moet noodwendigerwys lei tot ’n wysiging van die ander: die poësie moet daarom “de aller-individueelste expressie van de aller-individueelste emotie” wees. Dit impliseer dat digters elkeen sy eie idiolek sal hê en die clichématige (van veral voorgangers) sal vermy. Tog is daar in die werk van Perk, wat juis deur Kloos in hierdie inleiding opgehemel word as grondlegger van ’n nuwe poësie, nog heelwat tradisionele taal- en beeldgebruik. Perk se poësie kan inderwaarheid as oorgangspoësie bestempel word, vol van die tradisionele retoriek en moraal wat vermeng word met nuwe onderwerpe en nuwe beelding. Daardeur is hy in ’n sekere sin ’n wegbereider, soos die werk van C.M. van den Heever en ook I.D. du Plessis was ten opsigte van Dertig. Reeds in sy bundel *Deining* (1932) gee Van den Heever byvoorbeeld die eerste paar treë in die rigting van die vernuwing van Dertig. Hoewel Opperman dit sinjaleer in sy proefskrif, *Digters van Dertig* (1955), en dit ook die siening van Kannemeyer (1978) is, is dit veral N.P. van Wyk Louw en sy agterban wat dit deurgaans bestry (kyk Kannemeyer, 1990: 291 en verder, veral 298 en 301). Met erkenning van die baanbrekende rol van Van den Heever (met wie se groep Noordelike skrywers, Van Wyk Louw-hulle nie ’n bepaald vriendelike verhouding gehad het nie) en ook van I.D. du Plessis sou die rol van W.E.G. Louw as dié vernuwende digter uiteraard verklein word. Van Wyk Louw moes in 1937 die Hertzogprys deel met Du Plessis wat uiteraard spanning gebring het tussen Du Plessis en die gebroeders Louw, veral ook weens die weiering van die prys deur Louw. Tog het I.D. du Plessis se beklemtoning van die individuele gevoelens van liefdesverrukking al kenmerke bevat van dit wat later by die Dertigers tot volle bloei sou kom en is sy durf om sy “vreemde liefde” te bely, ook verwant aan die Dertigers se afkeer van die burgerlike moraal.

Die Tagtigers word tradisioneel verbind met verheerliking van die skoonheid wat aan die eensame, lydsame digter bykans bestaanreg gee. Perk se sonnettesiklus eindig ook met wat byna ’n gebed genoem kan word:

Schoonheid, o gij, wier naam geheilig zij,  
Uw wil geschiede; kóme uw heerschappij;  
Naast u aanbidde de aard geen andren god!<sup>1</sup>

Daar kan sonder huiwering beweer word dat daar by die Dertigers ook ’n Skoonheidskultus aanwesig was, soos ook blyk uit Hettie Smit se sleutelroman

*Sy kom met die sekelmaan* (1937). Die vergoddeliking van die Skoonheid kom by die Afrikaanse Dertigers voor in veral in N.P. van Wyk Louw se gedig, “Aan die Skoonheid”. Opperman (1953: 184) noem Louw se skoonheidsopvatting platonies (kyk ook Opperman op cit.: 194).

Die Tagtigers word as die eerste ongelowige digtersgeslag gesien in die Nederlande, wat die kerk en ook in die meeste gevalle, die Christendom, die rug gekeer het. Die daardeur ontstane leegte word met die Skoonheid en die Poësie gevul, met die digter as priester. Hoewel van die Dertigers (Van Wyk Louw) ook die digter as verhewe, uitverkore profeet sien was hul veel minder ekstrem as die Tagtigers in hul opstand teen die maatskappy en sy waardes (ook die religie). So was Van Wyk Louw glad nie ingenome met Opperman toe dié in *Die digters van Dertig* (1953: 164) Van Wyk Louw se verlies aan geloof aan die groot klok gehang het nie (Kannemeyer, 1990: 305).

Daar word baie verklarings aangebied vir die Tagtigers se afkeer van die maatskappy en die daarmee gepaardgaande “onbetrokkenheid” by maatskaplike kwessies. Dit hou uiteraard verband met die voorkeur wat hulle gehad het vir die Engelse romantici en die onderliggende vryheidsgedagte: vry ook van die maatskaplike norme en goedkeuring. Maar Tagtig is ook ’n felle reaksie teen kuns wat in die teken gestaan het van juis betrokkenheid by huis, haard, kerk en staat. Kortom, kuns wat dienskneg is van die burgerlike bestaan. Die Tagtigers was veral diensbaar aan die Skoonheid. Van Halsema (1993: 521) wys op vier punte in Kloos se Inleiding wat hy belangrik ag:

- Wanneer Kloos praat oor die verbeelding van “de stemming” bedoel hy dat die digter die vlietende tasbaar maak, daarvan ’n impressionistiese momentopname maak.
- Kloos sien die digter as selfgenoegsaam; sy verdieping in homself én die skoonheid beteken ’n wegbeweeg van maatskaplike betrokkenheid. So ’n houding staan veel digter by Rosetti as by die maatskaplik-betrokke Shelley (op wie die Tagtigers en veral Kloos hulle beroep het).
- In Kloos se poëtika word die digter geïdentifiseer met Christus: die eensame lydsame. Anbeek (1990: 27) beweer daarom: “De eenzaamheid van Perk en Kloos heeft twee kanten: verdriet om het isolement én trotse zelfbewustheid.”
- Ontroering en die sonnet toon beide ’n golfbeweging, van rysing en daling. Daarom is dit by uitstek dié vorm om gevoel te verbeeld.

Bykans al hierdie aspekte wat Van Halsema opnoem, is ook terug te vind in die werk van die Dertigers en hul poëtikale denkbearde: die waarde wat geheg word aan die stemmingsvolle, impressionistiese momentopnames (in veral die werk van W.E.G. Louw), die siening van die digter as die eensame geroepene en die

profeet by Van Wyk Louw en selfs ook in hul voorkeur vir die sonnetvorm.

Verskeie kritici wys daarop dat Kloos se insigte nie werklik aardskuddend nuut was nie. Busken Huet en Pierson het reeds byvoorbeeld gesê dat poësie verbeelding én hartstog is. Die gedagte dat vorm en inhoud een is, is reeds deur Vosmaer en Paap beweer, net soos sy uiting oor kuns-om-die-kuns. Wat sy voorrede uniek maak, is die polemiese aard daarvan, die passievolle wyse van stelling en die manifesagtige inkleding. Kloos verminder die oorspronklike 100 sonnette na 72, behou die sikliese formaat, maar laat die “eksegetiese” eerste sonnet weg. So word hierdie bundel: Perk in die optiek van Kloos (met ’n bietjie hulp van Albert Verwey).

In die daaropvolgende jare het die poëtikale opvattinge van die Tagtigers in breëre kring bekend geraak en deurgedring. Ook die belangrikste figure in die Tagtigerbeweging vind maatskaplike erkenning: Verwey het in 1925 professor geword in die Nederlandse literatuurwetenskap aan die Universiteit van Leiden waar hy sy intrede hou “Oor Jacques Perk tot die hede”, Kloos word op sy sewentigste verjaarsdag wyd gehuldig en hy en Lodewyk van Deyssel ontvang later ere-doktorate van die Universiteit van Amsterdam. Weer eens dring ’n vergelyking met die Dertigers sig op: ook die ‘rebelse’ Van Wyk Louw wat nie beskik het oor enige nagraadse kwalifikasies in die Afrikaanse letterkunde nie, word later hoogleraar in die Afrikaanse letterkunde (agtereenvolgens in Amsterdam en Johannesburg), W.E.G. Louw word professor aan die Universiteit van Rhodes in Grahamstad en later in Stellenbosch en ere-doktorate bly ook nie uit nie: onder andere Eybers by die Universiteit van die Witwatersrand en Van Wyk Louw selfs in Utrecht. Hierdeur word oënskynlik wegbeweeg van die begrip ‘invloed’, maar dit is bewys van die ooreenkomste tussen die plek wat beide bewegings binne hul onderskeie literêre velde inneem.

Hoe wyd die uitstraling van die Tagtigers was, kan gesien word uit die deurwerking van hulle denkbeelde in digters en skrywers na hulle. Dit is dikwels so dat ’n belangrike geslag se poëtikale opvattinge lank na hulle al eintlik tot ’n einde gekom het, voortduur. So was dit met Tagtig en so was dit ook met die Dertigers wie se poëtika in byvoorbeeld *Standpunte* nog lewenskragtig was.

Met die voorafgaande in gedagte, kan ook die Dertigers se ooreenkomste met en affiniteit vir die Tagtigers verklaar word. Dit is nie slegs ’n poëtikale ooreenkoms wat onder andere te make het met beide groeperinge se aansluiting by die poëtikale voorkeure van die Romantiek (artistieke vryheid en vakmanskuns, die primaat van die verbeelding, die skrywer as profetiese gestalte, die primaat van die Skoonheid) nie; dit het ook te make met die historiese posisie-inname binne die literêre veld. Net soos die Tagtigers was die Dertigers die eerste groep digters wat in die Afrikaanse letterkunde in verzet was teen poësie as ‘gemeenskuns’. Hier nie primêr as voordragkuns of as ‘verenigingskuns’ nie, maar as uitdrukking

van gemeenskapsdoelwitte (vermaak, opwekking van liefde vir die taal) of gemeenskapsideale (die verwoording van nasionalistiese gevoelens). Dit is egter duidelik dat ook kernfigure binne die Dertigerbeweging, soos N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw, besondere waarde geheg het aan die sonnetvorm en van die belangrikste poëtikale gedigte van dié era is sonnette.<sup>2</sup>

'n Groot verskil tussen die Tagtigers en die Dertigers waarop gewys moet word, is hulle houding teenoor voorgangers. Waar die Tagtigers soos gesien fel gereageer het op poëtiese voorgangers, was dit nie die geval met die Dertigers nie. Hoewel hulle dikwels te velde getrek het teen die kritici van 'n vorige bedeling (E.C. Pienaar, Abraham H. Jonker en F.E.J. Malherbe) het hulle (veral Van Wyk Louw) die vorige geslag se digters met eerbied behandel, soos reeds blyk uit Louw se deernisvolle hantering van selfs Jan F.E. Celliers wie se poësie dikwels fel gekritiseer is (Louw, 1986: 197 en verder). Dit spruit waarskynlik uit Louw se sterk nasionalisme.

Wanneer bepaalde aspekte daarop wys dat die moderne Nederlandse literatuur in 1882 met 'n radikale vernuwing begin, dan is dit soos Gruttemeier en Leuker (2006: 184) beweer op sy minste merkwaardig dat dit nie raakgesien is deur tydgenootlike kenners nie. Die tydgenootlike resepsie van Perk se bundel is oor die algemeen welwillend en die meeste betreur en loof die vroeggestorwe digter, maar met 'n bietjie berisping ten opsigte van sy maniërisme en sy duisterheid, sonder dat daaruit blyk dat hulle iets volkome nuut gelees het.

Soos die Dertigers voortdurend gehunker het na hulle eie tydskrif wat later met die oprigting van *Standpunte* (in 1945) – toe Dertig volgens kritiese konsensus al verby is – eers in vervulling tree, het die Tagtigers ook gevoel dat hulle 'n eie tydskrif nodig het as voertuig van hul poëtikale opvattinge. *De Nieuwe Gids* verskyn in 1985, veral deur die ywer van W.A. (Willem) Paap, ook een van die drywende kragte van *Flanor*. Saam met hom dien Frederik van Eeden, Frank van der Goes, Willem Kloos en Albert Verwey in die redaksie. Hulle medewerking verloop nie sonder heelwat konflik nie en al wat hulle eintlik bind, is hulle negatiewe gevoel jeens die werk van voorgangers.

Ná die *Julia*-sage en die daaropvolgende publikasie, *De onbevoegdheid der Hollandsche literaire kritiek* (1886), deur die outeurs van die parodie Kloos en Verwey, raak dit duidelik dat die jongeres van *De Nieuwe Gids* korte mette wil maak van die gevestigde kritici (baie soos Van Wyk Louw en sy mede-Dertigers se houding teenoor E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe) en dat dit ook gegaan het oor die vestiging van hulle eie poëtikale opvattinge. Op die spoor van die Romantiek was daar 'n paar sentrale uitgangspunte, onder andere die aandrang op artistieke vryheid (individualisme), die afkeer van die burgerlikheid, liefde vir die natuur en selfs die beklemtoning van die skoonheid en die kuns-om-die-kuns-opvatting. Van hierdie opvattinge speel ook 'n belangrike rol in die poëtika



van die Dertigers; die liefde vir die natuur dalk nie so pertinent in die teoretiese besinning nie, maar wel in die poësie, soos in Van Wyk Louw se “Vier gebede by jaargetye in die Boland” (kyk ook Cloete, 1963:52-63; Coetzee, 1988: 36-62).

### 3. Modernistiese Nederlandse digters en hul invloed op enkele Afrikaanse digters

By die Dertigers gaan dit veral daarom dat die Nederlandse letterkunde *legitimasie* is vir hul eie poëtikale strewes. Naas die Tagtigers was dit veral die moderne<sup>3</sup> Nederlandse digters Marsman, Nijhoff en in ’n mindere mate Bloem waarmee hulle hulle poëtikaal verwant gevoel het. Opvallend het hierdie verwantskap soms ook wêreldbeskoulike (ideologiese) aspekte ingesluit.

Reeds in 1925 het Marsman ’n lewenskrisis ervaar wat hom sterk na die Katolieke geloof getrek het. In die dertigerjare het die vrye individualistiese denke van die tydskrif *Forum* hom weer eerder aangetrek. In daardie tydperk voltrek die ‘versuiling’ van die Nederlandse samelewing hom wat beteken dat bepaalde wêreldbeskouings (soos die Christelike, die liberale of sosialistiese) op bykans elke terrein (ook die literêre) sigbaar raak. In hierdie tydperk tussen die oorloë het verskeie politieke paradigmas met mekaar meegeding en moes veral maniere bedink word om die wydverspreide ekonomiese insinking die hoof te bied. Die digter J.C. Bloem het aangetrokke gevoel tot die nasionaal-sosialisme en Marsman weer tot die Fascisme van Mussolini. Van die digters se werk toon ’n eiesoortige religieuse inslag (Nijhoff), sommiges soos Roland Holst wend hulle tot die (keltiese) mitologie en ander was vrysinnig (Ter Braak en Du Perron, byvoorbeeld). Boonop was ’n belangrike bron van inspirasie die filosofie van Friedrich Nietzsche wat eers in ongeveer 1930 die basis van die literêre debatte in Nederland geword het.

Wanneer in ag geneem word dat Van Wyk Louw in hierdie tyd baie van die poëtikale en filosofiese insigte van die Nederlandse digters gedeel het, word sy eie kortstondige fassinatie met die nasionaal-sosialisme verklaarbaar. Louw se indringende inleiding oor die werk van Marsman in *Poëzie en proza* (1943) is nie net ’n goeie oorsig van Marsman se werk nie, maar toon ook duidelik die elemente aan in sy werk, die “drif en denk”, die “verhelderde skeppingsdrif” en die “driftige intellektualiteit” wat die Dertigers of ten minste Louw self geboei het. Op weg na Suid-Afrika waar sy vriend Jan Greshoff, Van Wyk Louw en Uys Krige sy koms beplan het via Engeland word Marsman se skip in die Engelse kanaal getorpedeer (sommige weergawes vermeld ’n ontploffing in die enjinkamer) en hy sterwe. Sy beseerde vrou is die enigste oorlewende.

Aanvanklik is dit dalk ook die rede waarom soveel digters uit die veertiger- en

vyftigerjare (soos D.J. Opperman) aansluiting vind by meer eietydse digters soos Achterberg, maar by iemand soos T.T. Cloete (uit die jare sewentig en later) gaan dit veel meer om gelykgesindheid of in meer letterkundige terminologie, om 'n gedeelde poëtika. Daar is veelvuldig op gewys (deur byvoorbeeld Gouws, 1988, Du Plooy, 2012 en Foster, 2012a) dat Cloete voortdurend in 'n gesprek is met digters soos Leopold, Nijhoff en Achterberg.

Cloete (1988: 461) noem Nijhoff onomwonde 'n digter van die modernisme wat 'n voorkeur het vir die gewone taal, die *poésie parlante* waardeur Cloete ook Nijhoff skakel met Eliot en sy tydgenote. Cloete (1988) lys verskeie modernistiese kenmerke by Nijhoff naas sy voorliefde vir gewone taal: “die ontpersoonliking van die poësie [...] wat weer saamhang met die kollektiwiteit” wat veral deur die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is. Nijhoff is ook, aldus Cloete, modern omdat hy geglo het dat die kuns deur die skep van 'n sogenaamde “derde wêreld”, die gewone wêreld wat geteister word deur politieke spanning en oorlogsgeweld, bewoonbaar kan maak. Poësie vorm vir hom 'n organiese teenwig vir die “koude droom” van een ‘door eigen wetten in mechanische beweging gehouden heeal’, schrijf hij in 1925” (Vaessens, 2013: 153).

Uit die oorsig van Anbeek, maar ook uit die omskrywings van ander kritici soos Fokkema en Sötemann, blyk dat Nijhoff se werk egter moeilik vatbaar is onder een noemer. Miskien is dit omdat hy wat sy wêreldsiening betref modernisties is, maar in sy tegniek skynbaar tradisioneel (Anbeek, 1990: 134). Dit herinner onwillekeurig aan die werk (en posisie) van Willem van den Berg en Elise Muller in die Afrikaanse letterkunde: beide reeds in hart en niere deel van Sestig met hul eksistensiële vrees en buitestanderskap, maar op die oppervlak steeds gemoedelik-lokaal-realisties soos Van Wyk Louw (1961: 67 e.v. ) Muller se werk bestempel het. As 'n mens dit van toepassing maak op Martinus Nijhoff word dit duidelik dat hy terselfdertyd modern en tradisioneel genoem kan word.

Op dieselfde wyse verskil kritici ook radikaal in hul interpretasie van Nijhoff se gedig, “De wandelaar”, wat tewens titelgedig is van sy debuutbundel wat in 1916 verskyn. Terwyl sommiges dit sien as uitbeelding (en selfs implisiete pleidooi) vir 'n belangelose, onbetrokke kunstenaarslewe, interpreteer ander dit weer as 'n sterk afwysing daarvan en dus juis as pleidooi vir betrokkenheid. Enersyds vind 'n mens by Nijhoff heel tradisionele sinsbou én klassieke digvorme soos die sonnet; andersyds is sy gedigte vol met vervreemding, vrees vir die dood en die besef van 'n immanente dreiging vir die individu wat hom in 'n onvaste wêreld bevind. Weens hierdie teenstrydighede word hierdie debuutwerk ook op wisselende wyse gelees as uitbeelding van lewensangs én terselfdertyd as groei na lewensaanvaarding (kyk Anbeek, 1990: 137).

Nijhoff het homself duidelik geplaas in opposisie tot die Tagtigers (en veral Kloos) se siening dat poësie persoonlik is en die verwoording moet wees van

die eie emosie. Hy het ook hulle opvatting dat vorm en inhoud een is, verwerp; daarteenoor het hy geglo dat vorm self inhoud is. Sy tweede bundel, *Vormen* (1924), gee al 'n aanduiding van sy voorkeur vir die gestruktureerde gedig en 'n wegbeweeg van die vrye vers. Om emosioneel geroer te word, is slegs die reg van die leser. 'Depersonalisasie' en 'objektivering' kan in verband gebring word met die idee van die gedig as 'n outonome konstruksie. Die gedig word 'n 'ding' wat nie uit idees of gevoelens bestaan nie, maar uit woorde. In die objektiveringsproses word 'n sentrale rol aan die taalkundige en formele kreatiewe krag toegeken, terwyl die skrywer die kreatiewe kragte bevry wat in die woorde skuilgaan.

Nijhoff het nogal moeite gedoen om sy poëtikale opvattinge telkens uiteen te sit, waarskynlik ook as reaksie op negatiewe kritiek en onbegrip. Dit is veral in die novelle, *De pen op papier*, waarin Nijhoff duidelik maak dat die kunstenaar afstand moet neem van homself. As sodanig word dit ook gesien as verwant aan *Vormen*. In hierdie novelle beskrywe Nijhoff 'n ontmoeting met die rottevanger van Hamelen waarin die beroemde verwoording van sy poëtika in die mond gelê word van hierdie argetipiese verpersoonliking van die kunstenaar wat eers die persoonlike kunstenaar verwyrt van selfliefde: "[G]ij fluit met uw mond en niet met een fluit. Gij zijn week van inwendige emotie, trilt van inspanning, en bevredigt toch meer uw verhemelte dan uw gehoor." Daarteenoor is dit die opdrag aan die ware kunstenaar om te objektiveer: "Beschrijf alleen gewaarwordingen van andere mensen. Meegevoel is geen morele plicht, het is een aangeboren hartstocht en vindt zijn oorzaak in de aantrekking die magnetisch alle vlees verbindt ... ontwikkel die hartstocht, maak je hem bewust en leef in andermans gevoel. Zo alleen kom je van jezelf vrij, dat is het doel." Klassiek is sy uitspraak in hierdie stuk: "Wees voorzichtig, of uw stem schroeit door."

Ten spyte daarvan dat Nijhoff self probeer om nuwe betekenis te ontsluit wat in die taal aanwesig is, benut hy toenemend die gewone woord en spreektaal, waarin hy soos gesê ook verwant is aan T.S. Eliot. In Opperman se seminale opstel, "Kuns is boos" (Opperman 1959: 142-155) val dit op hoe hy in sy eie poëtikale verwoording verwant is aan dié van Nijhoff. Veral konsepte soos die 'fluitjie' waarmee 'n digter as 't ware moet fluit, kan herlei word tot Yeats se 'mask' en Eliot se 'objective correlative', soos Opperman ook in sy stuk doen.

Soos Opperman ook later gedoen het, moet die digter soek na 'n figuur waardeur jy kan praat. Die gedig skryf homself nadat die digter die eerste idee geformuleer het. Jy hoef maar net by wyse van spreke die pen op papier te sit. Nijhoff se poëtikale siening is duidelik verwant aan dié van Eliot wat reeds in 1919 skryf: "Poetry is not a turning loose of emotion, but an escape from emotion; it is not the expression of personality, but an escape from personality." (Eliot, 1919). Die onderskrywing van hierdie standpunt van Eliot deur Nijhoff sal die laasgenoemde later in konflik bring met Du Perron en Ter Braak wat

juis voorstanders was van die digterlike persoonlikheid. Nijhoff was 'n sterk voorstander van die outonomistiese opvatting, terwyl Ter Braak in sy bekende essay "Het opium der vormen" dit onverdedigbaar vind dat lewe en kuns gesien moes word as onversoenbaar en geskeie. In hul tydskrif *Forum* sal Ter Braak en Du Perron 'n ander poëtikale siening verwoord: dat outonome estetisisme lei tot steriliteit en blote bejubeling van vormlike aspekte. In die plek daarvan bepleit hulle die belang van die digterlike persoonlikheid; belangstelling in die *vent* eerder as die *vorm*.

Hoewel Nijhoff die 'gewone' woord benut en die 'gewone' man ten tonele voer, was hy diep bewus van die tyd waarin hy gelewe het, 'n tyd waarin baie die ondergang van die Westerse kultuur voorspel het. Die kultuurpeil van die massamens het Nijhoff as bedreigend ervaar: op die oog af is die nuwe burgerlike middelklas welvarend, maar in feite arm aan kultuur. Daarom het Nijhoff homself ook nie gesien as 'n skrywer vir die massa nie, maar vir die sogenaamde 'happy few'. Dit is nie die skrywer se taak om te skrywe wat die mense voel nie; dit is die mens wat as 't ware moet voel wat die skrywer neerpen. Dit is denkbeelde wat ook herhaaldelik voorkom in die skeppende en besinnende werk van veral Van Wyk Louw.

Van den Akker (1993a: 642 e.v.) vertel van Nijhoff en Du Perron se vuisgeveg op 15 Desember 1931 in die voorportaal van die hotel *Américain*. Volgens sy verslag was dit kwalik meer as 'n paar klappe tussen twee aangeklamde mans. Tog was hulle inderdaad opponente wat hulle poëtikas betref: Nijhoff die voorstander van die outonome en van objektiwiteit; Du Perron die voorstander van die digterspersoonlikheid. Waar Dirk Coster se 1924-bloemlesing *Nieuwe geluiden* nog deurgaans die poësie gelykstel met etiese kwessies, daar is D.A.M. Binnendijk se 1930-bloemlesing *Prisma: bloemlezing uit de Nederlands poësie* na 1918 gans anders en staan 'vormkrag' en outonomie voorop. Dit behoef geen motivering om hierdie polemie ook na Suid-Afrika te herlei nie. Van Wyk Louw se onvrede met Opperman se gepubliseerde proefskrif, *Digters van Dertig*, is reeds te berde gebring, juis omdat Opperman die klem so op die 'vent' geplaas het. Louw se reeks "Die mens agter-die-boek" is deur Opperman self as 'n kwalik verholde aanval gesien. Die uiteindelijke 'oorwinning' vir die outonomiste in Nederland, met die hoogbloei daarvan met *Merlyn* in die jare sestig en met Maatje en ander se benaderings wat in universitêre opleiding in die literatuurwetenskap sentraal gestaan het, is ook geëggo in Suid-Afrika waar die stiplees-metode, die uitgangspunt van die wêreld-in-woorde hoogty gevier het tot selfs in die tagtigerjare van die twintigste eeu.

Ná die verskyning van Binnendijk se bloemlesing het 'n hewige polemie ontstaan. Die samesteller het beweer dat die poësie sedert 1918 strewe na outonome poësie waarin 'vormkrag' prominent aanwesig is. Hierin is die

poëtikale opvattinge van Marsman, maar ook van Van Ostaijen en Nijhoff duidelik herkenbaar. Ter Braak vind so 'n siening 'n steriele standpunt wat die poësie vergoddelik en boonop aanleiding kan gee tot werk wat nie deurleef is nie en epigonisties is. Ook Du Perron was nie erg onder die indruk van die oorbeklemtoning van die vorm nie: slordige digters (soos Slauerhoff) kon veel egter wees as tegnies-perfekte digters (soos Leopold). 'n Digter moet nie bo sy onderwerp staan nie, maar daarin aanwesig wees. Dit verwoord Du Perron in sy fiktiewe gesprek met 'n teenstander in 1930 in *De Vrije Bladen* ("Gesprek over Slauerhoff"). Daarin weerlê Du Perron die argumente dat Slauerhoff se formele beheer veel te wense oorlaat en dat hy te sterk deur die Franse kultuur beïnvloed is. Die essayistiese werkwyse van Du Perron hier vorm duidelik 'n model vir Van Wyk Louw wat hom later dikwels van dieselfde werkwyse van dialogiese beredenering bedien.

Die digter Cloete wat in sy poësie dikwels die ikoniese vooropstel (kyk Du Plooy, 2012) wys ook op die ikoniese in Nijhoff se werk. In die gedig "Het lied der dwaze bijen" sien Cloete (1988: 467) 'n sameval van struktuur en inhoud. Later nuanseer Cloete ook sy klinkklare bestempeling van Nijhoff as modernis. Nijhoff kan 'n *realis* genoem word vanweë sy gewone taal en herkenbare dinge uit die moderne era soos tikmasjiene en motors; hy is egter ook 'n *futuris* omdat hy glo dat die poësie vir die toekoms moet werk én hy is 'n *simbolis* met duidelike verwantskap met die Franse simboliste soos Mallarmé, maar ook 'n *objektivis* en selfs 'n *magiese-realis* "of die *mistikus* van die realiteit" (Cloete, 1988: 470; 471, 472). Hieruit blyk dat groot digters selde onder 'n glasstolp van 'n sluitende karakterisering geplaas kan word. Op Afrikaanse digters het Nijhoff 'n beduidende invloed gehad. Cloete (1988: 473) noem Eybers, Van Wyk Louw en Opperman. Maar waarskynlik is Cloete self die Afrikaanse digter wat die meeste verwant is aan Nijhoff of anders gestel dikwels 'n (doelbewuste) intertekstuele gesprek met hom aanknoop (kyk onder andere, Foster, 2012 a en b).

#### 4. Ander voorbeelde van Nederlandse invloed op Afrikaanse skrywers

As daar hierna steeds van 'invloed' van die Nederlandse letterkunde op die Afrikaanse letterkunde sprake kan wees, is dit eerder op die skaal van individuele skrywers. Hoewel *Turks fruit* (1969) waarskynlik vandag beskou word as Jan Wolkers se bekendste (en beste) roman, is *Terug naar Oegstgeest* (1965) na my gevoel Wolkers se *magnum opus*. In die Afrikaanse letterkunde het dit ook duidelike invloed uitgeoefen op John Miles en sy roman, *Kroniek uit die doofpot* (1991), wat duidelik skatpligtig aan Wolkers is wat die struktuur daarvan betref

(veral die alternerende hoofstukke) én wat verskeie tematiese aspekte betref, maar ook raakpunte het met ander Nederlandse romans (kyk Van Coller, 1997: 27-32). Die Suid-Afrikaanse Sestigters is veral beïnvloed deur die “denke in Parys”, maar by Jan Rabie en Breyten Breytenbach was daar ook heelwat kontak met die Nederlandse Vyftigers, veral Vinkenoog en andere wat in Parys gebly het vir langer periodes.

Hier is dit egter veel meer 'n kwessie van 'affiniteit' of 'paraellisme', in die sin dat beide skrywersgroeperings hulle impetus kry uit dieselfde avant-gardistiese bronne. Waar die Dertigers die Romantiek as 't ware gemedieer kry via die Tagtigters, vind dit by die Sestigters direk plaas wat aantoon in hoe 'n mate die Afrikaanse letterkunde reeds toe al geëmansipeerd was. Tén spyte van die besondere hegte kontak tussen Nederlandstalige en Afrikaanse digters sedert 1990, wedersydse vertaling en gesamentlike optredes by tye is daar weer eerder sprake van 'affiniteit' of 'paraellisme' eerder as enige vorm van 'beïnvloeding'. Intertekstualiteit (dikwels eerder as 'n vorm van sitering) neem ook toe. Dit wil voorkom of beïnvloeding (binne die stimulus-respons model) iets is wat agterhaal is.

## 5. 'n Tipologie van die begrip 'beïnvloeding'

In die eerste gedeelte van hierdie studie is aandag gegee aan die ontwikkeling (evolusie) van die Nederlandstalige en Afrikaanse letterkundes. Die doel was om deur die *diachroniese* oorsig en vergelyking, invloed of verwantskap te beskrywe. In die hieropvolgende gedeelte word 'n tipologie van die begrip invloed uiteengesit. Ideaalgesproke behoort die afsonderlike kenmerkende onderskeidende elemente of rubrieke wedersyds uitsluitend te wees. 'n Tipologie is 'n onderskeidingsmodel, 'n *beslissingsmeganisme* wat die ordening van omvangryke data hanteerbaar maak.

Daar word dus 'n tipologie opgestel wat strek van bykans passiewe navolging waar bronteks en doelteks digbymekaar staan tot en met interpretasie waar die doelteks ver verwyderd staan van die bronteks (en in baie gevalle die verband selfs onduidelik is). Al die onderstaande sou ook beskou kan word as vorme van *Intertextio*: ineenvlegting met, deurwewing van, intertekstuele binding met die oorspronklike (teks) of van *Confirmatio*: versterking, bevestiging van die oorspronklike (teks) en van *Coniugatio*: verbinding, vereniging met die oorspronklike (teks). Tog kan dit in bepaalde gevalle ook digby die *parodie* staan in die sin van Foster (2012a: 50) se aanhaling van Dentith (2000: 9): “Parody includes any cultural practice which provides a relatively polemical allusive imitation of another cultural production or practice” en die *travestie*: die nabootsing van 'n ernstige literêre werk waar die inhoud bly, maar

die vormgewing verander sodat 'n kontras ontstaan. Sodoende is dit die teenoorgestelde van 'n parodie wat juis tipiese kenmerke van die oorspronklike uitvergroot, maar het ook 'n spottende bedoeling (kyk Van Gorp, 2007: 480).

- **Imitatio:** letterlike navolging van die oorspronklike (teks). Volgens Van Gorp (2007: 227) is *imitatio* 'n kreatiewe navolging van literêre voorbeelde wat betref styl, woordgebruik, metriek en genre. Cloete (1966: 8) skryf dat Totius se gedig “Die os” “waarskynlik beïnvloed is deur Isaïc da Costa se gedig ‘Hagar’”. In sy verdere uitbreiding dui dit dus op 'n vorm van nabootsing. Ten spyte van 'n eie oorspronklike inslag is Th. F. Burgers se kortverhale, *Toneelen uit ons dorp* genologies verwant aan Hildebrand se *Camera Obscura*. Ook “Op Hartebeesfontein”, die bekende gedig van Pikkedel staan in dieselfde tradisie as die Middeleeuse volkslied “Het Kerelslied” (ook bekend as “Wi willen van den kerels zinghen”) én van Bredero se ewe skunnige uitbeelding van volkstipes wat drink en dan veral gewelddadig optree, in sy “Boeren Geselschap”.
  - **Aemulatio:** letterlike navolging en verbetering van die oorspronklike (teks). Dit was in die klassieke tydperk 'n bewuste poging om deur wedywing met die oorspronklike dit te verbeter of te oortref. D.J. Opperman se reeds genoemde Brandaan-reeks in sy bundel *Engel uit die klip* (1950) is ook 'n vorm van nabootsing (en behoort tot 'n totaal ander historiese konteks). Tog is dit weens die uitbou van sekere motiewe en die toespitsing op die eietydse aktualiteit, ook 'n vorm van uitbou, ‘verbetering’ van die oorspronklike, hoewel dit ook goedsikks by die volgende soort invloed, *adiectio* tuishoort.
  - **Adiectio:** toevoeging of byvoeging van bepaalde elemente by die oorspronklike (teks). D.J. Opperman se bundel *Blom en baaierd* (1956) stel *orde* (skoonheid, beskawing, geestelikheid en intellek) teenoor *chaos* (die driflewte, die Id, die barbaardom). Kritici (kyk onder andere Dekker, 1958: 262) wys daarop dat Opperman in hierdie siklus “die gegewens uit die Middeleeuse heilige lewe oorneem en transposeer” na die “Afrikaanse vlak van ons tyd”. Wat dit anders maak as die Brandaan-siklus, is die feit dat hierdie siklus duidelik 'n poëtikale dimensie toevoeg tot die oorspronklike: in die woorde van Kannemeyer (1983) – 'n eggo van Dekker – “beliggaming van die digtersideaal”.
- Gouws (1988: 336) verwys ook na Cloete se herskrywing van J.H. Leopold se gedig “Regen” in sy eie gedig “Leopold” wat weer eens 'n toevoeging tot of wysiging van die oorspronklike is.
- **Detractio:** weglating of redusering van bepaalde elemente van die oorspronklike (teks). Beide Daniel Hugo en Merwe Scholtz se herdigtings

van Martinus Nijhoff se gedig “Impasse” (met telkens dieselfde titel) bevat belangrike weglatings van die bronteks.

- **Transmutatio** (verandering, herskikking, permutasie, verplasing): bestaande elemente word behou, maar herskik; hulle word dus binne ’n nuwe verband geplaas. In hierdie verband is reeds verwys na die gebruik wat Etienne Leroux maak van die tipiese Middeleeuse *Queste* en die ridderlike epiek (veral die soeke na die Heilige Graal) in *Die mugu* (kyk Van Coller, 1978; 1982). Hoewel daar gebruik gemaak word van bekende elemente (byvoorbeeld *naamgewing* (“Gysbrecht”), die *sikliese struktuur* tipies van die *peregrinasie*, die (*wonderbaarlike avonture en buitenissige karakters*), word alles binne ’n nuwe verband (en tydsgewrig) geplaas.
- **Immutatio/interpolatio**: wysiging, verandering van een of meer elemente van die oorspronklike en **Interrogatio**: bevraagtekening van die oorspronklike (teks) staan dig bymekaar. Hier sou gedink kon word aan D.J. Opperman se “Kersliedjie” wat al die bekende elemente van die Middeleeuse kerslied bevat: die bouvallige omstandighede van Christus se geboorte, die os (biltong) en esel (hoender), die drie konings en hulle geskenke, die ster, maar alles kry bepaald ’n nuwe (en selfs ondermynende; relativerende) betekenis.
- **Repititio**: herhaling of identieke transformasie waarby een element van die oorspronklike (teks) ’n ander betekenis kry deur herhaling binne ’n nuwe konteks. Die beste voorbeeld is dalk Merwe Scholtz se herdigting van Martinus Nijhoff se gedig “Impasse” in sy eie gedig met dieselfde titel, ’n gedig wat Foster (2012) “adekwaat” interpreteer in Gouws se idiolek. Belangrike elemente wat herhaal word, is die (seksuele) verhouding tussen ’n man en vrou, óók in ’n intieme ruimte, óók ’n verhouding van afhanklikheid (uitgedruk in die ongewone “sy en ek”-konstruksie), óók ’n belangrike vraag wat gestel moet word en – wat nie vermeld word deur Foster nie – die moontlikheid dat die man as digter die vrou wil vra om naas die slaapkamer ook die kombuis met hom te deel. Die vraag word nooit gestel nie (dalk vanweë sy eie ongemaklikheid) en oplaas koop hy ’n kas papajas “vir die hel”. Vanselfsprekend ‘for the hell of it’, maar ook dalk vir die hel van alleenheid na die vertrek van die vrou as bloot seksuele voorwerp.
- **Translatio**: oordrag, verplasing, vertaling van die oorspronklike (teks). Die beste voorbeeld hiervan is uiteraard die vertaling van Nederlandse tekste in Afrikaans, ’n aktiwiteit wat geweldig toegeneem het die afgelope dekades. Daniel Hugo se vertaling *Reinaard die vos. Die wrede een met die rooi baard* (van Henri van Daele se *Reinaard de vos. De felle met de rode baard*) is reeds ’n voorbeeld van verplasing omdat hy die oorspronklike name van



